10	Beskik jy oor 'n span leiers (senior bestuurders) met die vermoë, energie en entoesiasme om die ontwerp te lei en die resultate in te bed?	<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer 'n duidelike kampvegter met die mag om op te tree en wat deur die personeel gevolg kan word. • Hou in gedagte dat leierskap in 'n munisipale opset vaardigheid en gewilligheid vereis om die verandering deur te sien. • Maak seker dat jou leiers (senior bestuurders) toegerus is om die verandering aan te dryf.

Hersien en bring in ooreenstemming met die organisatoriese ontwerpbeginsels

3. (1) Die organisatoriese ontwerpbeginsels moet die ontwerp van die diensleweringmodel, funksionele bedryfsmodel en personeeldiensstaat lei.

(2) Die doel van die ontwerpbeginsels is om—

- (a) die ontwerp te lei van wat die munisipaliteit moet bereik;
- (b) die munisipaliteit te help om huidige standassesseringspogings te fokus deur begrip vir die kwessies of prioriteite wat belangrik is in die uitvoering van die mandaat van die munisipaliteit;
- (c) gebruik te word as 'n kontrolelys om vas te stel of die toekomstige stand na verwagting ontwerp is;
- (d) die munisipale bestuurder en die ontwerpspan te rig om die regte gesprekke te voer en die regte besluite te neem; en
- (e) grense vir ontwerp te stel en te omskryf wat die toekomstige organisasie is en wat dit nie is nie.

Tabel 2 bevat organisatoriese ontwerpbeginsels om die munisipaliteit se besluitneming oor organisatoriese ontwerpkeuses te rig.

Tabel 2

Organisatoriese ontwerpbeginsels

1	Ontwerpbeginsel 1: Volhoubare en finansiële lewensvatbare munisipaliteite	
	Subontwerpbeginsels	Moontlike implikasies
1.1	'n Munisipaliteit moet ontwerp word as 'n ten volle outonome en onafhanklike organisasie, met die vermoë om inkomste te genereer waar van toepassing.	Verseker dat die vermoë om inkomste te genereer bestaan, waar van toepassing.
1.2	Die ontwerp moet prakties implementeerbaar wees wanneer die personeeldiensstaat van 'n munisipaliteit hersien word.	Die ontwerp moet haalbaar wees en voorsiening maak vir bedryfskontinuiteit gedurende die hersiening van die personeeldiensstaat.
1.3	Die ontwerp van die munisipaliteit moet nie 'n wenslys wees nie, maar moet eerder die kernfunksies van die munisipaliteit bevat.	Sluit die bevoegdhede en funksies van 'n spesifieke kategorie van munisipaliteit in en maak voorsiening vir die munisipaliteit se GOP.
1.4	Die strukturele ontwerpe moet bekostigbaar vir die munisipaliteit wees, deur seker te maak dat daar geen 'opgeblaasheid' weens die insluiting van onnodige rolle is nie.	Ontwerp vir die kategorie van munisipaliteit en wat haalbaar en realisties is.
1.5	Omskryf maatstawwe vir kern- en steunfunksies en dui meegaande verhoudings aan.	Maak seker dat die kernfunksies proporsioneel meer as die steunfunksies ontvang, en bevorder só doeltreffende dienslewering.
1.6	Ontwerp vir 'n hoë vlak van standaardisasie, gehalte en konsekwentheid oor die verskillende munisipale kategorieë om doeltreffende dienslewering te bevorder.	Verseker logiese saamgroepering van funksies om ook skaalbesparings moontlik te maak.
2	Ontwerpbeginsel 2: Nakoming van wetgewing, regulasies en riglyne	
	Subontwerpbeginsels	Moontlike implikasies
2.1	Bevoegdhede en funksies vir die Kategorie A-, B- en C-munisipaliteite moet ooreenstem met die munisipale regulasies oor personeeldiensstate.	Ontwerp om seker te maak dat daar geen verskille en teenstrydighede is nie.

2.2	Die ontwerp moet nie wetlike funksies, wat deur ander regeringsfere voorsien word, dupliseer nie.	Moenie afwyk van wetgewende bevoegdheids en funksies in die ontwerp nie, tensy daar 'n dwingende rede is om uitsonderings te oorweeg, waar van toepassing.
2.3	Die personeeldiensstaat van elke kategorie van munisipaliteit moet voorsiening maak vir die prosesse van die GOP.	Ontwerp funksionele strukture wat kan aanpas by die prosesse en uitkomstes van die GOP, waar van toepassing.
2.4	Die ontwerp moet ook die bevolkingstal vir dienslewering in ag neem.	Ontwerp moet verteenwoordigend wees van geografiese en landelike dinamika, waar van toepassing.
2.5	Die ontwerp moet enige afwykings van wetlike bevoegdheids en funksies in ag neem.	Bevoegdheids en funksies moet behoorlik vasgevang word in die vermoëns van die munisipaliteit, wat deel sal vorm van die diensleweringmodel.
3	Ontwerpbeginsel 3: Maak dienslewering so doeltreffend as moontlik	
	Subontwerpbeginsels	Moontlike implikasies
3.1	Konsentreer die ontwerp op kerndienste wat waarde tot die gemeenskap toevoeg.	Ontwerp moet 'n groter komponent vir kerndienste en 'n kleiner komponent vir steundienste bevorder.
3.2	Dienslewering moet die naaste wees aan die gemeenskap wat deur die munisipaliteit bedien word.	Verwyder enige moontlike bottelnek in die strukturering van die personeeldiensstaat om doeltreffende en effektiewe besluitnemingsproesse te bevorder.
4	Ontwerpbeginsel 4: Buigsaam en skaalbaar vir toekomstige veranderinge	
	Subontwerpbeginsels	Moontlike implikasies
4.1	Die ontwerp moet buigsaam wees om vir veranderinge in dienslewering-vereistes voorsiening te maak.	Funksies kan ingesluit of uitgehaal word sonder om diensleweringkontinuiteit te ontwig.
4.2	Gespesialiseerde en professionele steundienste verantwoordelik vir beleidsformulering en voorsiening van professionele dienste moet gesentraliseer word.	Gespesialiseerde en professionele steundienste sal gesentraliseer word, waar van toepassing.
4.3	Transaksionele steundienste moet gesentraliseer word om maksimum skaalbesparings, 'n hoë vlak van standaardisasie, gehalte en konsekwentheid te bereik.	Sentraal geleë steunaktiwiteite per funksie, waar van toepassing.
5	Ontwerpbeginsel 5: Optimale en produktiewe munisipaliteite	
	Subontwerpbeginsels	Moontlike implikasies

5.1	Die getal lae in 'n soortgelyke kategorie munisipaliteit moenie sewe lae oorskry nie, waar van toepassing.	'n Munisipaliteit moenie meer as sewe lae van die hoogste tot die laagste vlak van die organisasie hê nie, waar van toepassing.
5.2	Die benamingskonvensies van die funksionele eenhede moet logies, gestandaardiseer en vaartbelyn wees om eenvormigheid regoor die munisipale personeeldiensstaat te verseker.	'n Goed gedefinieerde hiërargie sal toepaslike toesig, klassifisering van vaardighede en beheer oor die gehalte en eenvormigheid van prestasie bevorder.
5.3	Besluitnemingsverantwoordelikheid moet so laag as toepaslik in die organisasie geplaas word.	'n Duidelik gedefinieerde gesagsmatriks moet in plek wees om besluitneming in die implementeringsfase te fasiliteer.
5.4	Verantwoordelikhede moet regdeur die munisipaliteit konsekwent omskryf word vir rolle van soortgelyke aard en doel.	Ampte in verskillende funksionele gebiede van dieselfde kategorie munisipaliteit sal soortgelyke werkspesifikasies hê, hoewel die omvang of fokus kan verskil.
5.5	Die omvang van beheer dryf doeltreffendheid en effektiwiteit aan, maar hang van unieke omstandighede af.	Proporsievasstelling moet gebalanseerde toesig verseker. Oorweeg situasies waar rolle meer tegniese vereistes het, wat die omvang van beheer verklein. Beheeromvang van 1:1 of 1:2 moet, waar moontlik, vermy word.


Hersien en bring in lyn met die dienslewingsmodel en funksionele bedryfsmodel

4. (1) Die hoofdoelwit van die hersiening is om seker te maak dat dit die munisipaliteit se mandaat weerspieël en sy verpligtinge teenoor sy gemeenskap nakom.
- (2) Die hersiening moet gerig word deur die behoefte om—
- (a) doeltreffendheid te bevorder om die munisipaliteit in staat te stel om sy mandaat uit te voer en op geïntegreerde wyse aan die behoeftes van sy belanghebbendes te voldoen;
 - (b) effektiwiteit te bevorder, om die munisipaliteit se dienste op 'n kostedoeltreffende manier te kan lewer; en
 - (c) bemagtiging te bevorder, om toe te sien dat die munisipaliteit in staat is om die vereiste vermoëns van die munisipaliteit doeltreffend te ontwikkel en aan te wend.
- (3) Tydens die hersiening van die dienslewings- en funksionele bedryfsmodel moet die munisipaliteit—
- (a) ontleed hoe gemeenskappe en diensontvangers in kategorieë soos geografiese gebiede, demografiese groepe en sosio-ekonomiese groepe gesegmenteer word,

- waar die segmentasie gerig word deur begrip vir die gemeenskap se behoeftes en verwagtinge;
- (b) die impak van tegnologie, uitkontraktering, inkontraktering, openbare-private vennootskappe, netwerkverhoudings en eenstopdienste, soos veeldoelige gemeenskapsentrums, op die dienslewering- en funksionele bedryfsmodel oorweeg;
 - (c) vasstel watter dienste gesentraliseer of deur 'n gedentraliseerde struktuur gelewer moet word; en
 - (d) die diensleweringmodelprototipe wat met die munisipale kategorie ooreenstem, gebruik om—
 - (i.) te bevestig dat die vermoëns wat in die diensleweringmodel geïdentifiseer word, die munisipale mandaat weerspieël;
 - (ii.) die veranderinge aan die munisipale kategorie se diensleweringmodelprototipe wat by die hersiening van die funksionele bedryfsmodel ingesluit moet word, te identifiseer;
 - (iii.) die betrokke funksionele bedryfsmodelprototipe te kies wat demonstreer hoe vermoëns in die diensleweringmodel gekarteer en in werking gestel word;
 - (iv.) veranderinge na die funksionele bedryfsmodel oor te dra;
 - (v.) bydraes te lewer oor die voordele en nadele van nuwe voorstelle, insluitende 'n deeglike evaluasie van die risiko's en geleenthede wat deur elke opsie verteenwoordig word;
 - (vi.) met die betrokke belanghebbendes in interaksie te tree en met hulle ooreen te kom oor die funksionele bedryfsmodel volgens 'n voorafbepaalde bestuursproses om nakoming van die ontwerpbeginsels en -mandaat te verseker; en
 - (vii.) goedkeuringsprosesse na te kom en daaraan te voldoen.

Figuur 2

'n Voorbeeld van die diensleweringmodel oorgedra na 'n funksionele bedryfsmodel



Neem organisatoriese ontwerpmetriek aan

5. (1) Die organisasie-ontwerpmetriek (sien Tabel 3) moet op die prototipepersoneeldiensstate toegepas word met die doel om met die ontwerp van doeltreffende strukture te help.

(2) Die organisasie-ontwerpmetriek dien as 'n riglyn en moet binne redelike parameters van afwyking toegepas word.

(3) Die werknemersratio verwys na die getal werknemers wat kern- teenoor steunfunksies verrig—

(a) steunfunksies is intern gerig en lewer dus nie direk dienste aan die gemeenskap nie;

(b) kernfunksies lewer dienste aan die gemeenskap volgens die bevoegdheids- en funksies van die munisipaliteit; en

(c) die ratio is gegrond op werklike personeelgetalle en nie die getal rolle nie.

(4) Strukturele laag verwys na die getal rapporteringslae wat in 'n munisipaliteit bestaan, d.w.s. van die diepste rapporteringslaag van die munisipale werker in die voorste linie af, tot by die munisipale bestuurder—

(a) diep strukture met baie rapporteringslae, meer as ses, is geneig om stadiger besluitnemingsprosesse te hê en is duurder;

(b) vlakker, plat strukture met minder as vyf lae is geneig om knap en doeltreffend te wees, maar sal meer koördinerende verg, veral waar die funksie nie 'n ontwikkelde vermoë is nie; en

(c) afhange van die grootte van die munisipaliteit, behoort die lae in 'n munisipaliteit nie sewe strukturele lae te oorskry nie.

(5) Strukturele vorm verwys na die profiel van werknemers op grond van die beroepskategorieë, d.w.s. strategiese, bestuurs-/spesialis- en of bedryfskategorieë, om die soort of vlak talent in die organisasie aan te dui—

(a) die strategiese beroepskategorie verwys na die posisies van die munisipale bestuurder en diegene wat direk aan hom of haar rapporteer;

(b) die bestuurs-/spesialisberoepskategorie verwys na die posisies van die afdelingsbestuurder, bestuurder, toesighouer, professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialis, vaardige tegnisiërs en akademies gekwalifiseerde personeel;

(c) die bedryfsberoepskategorie verwys na die halfgeskoolde en ongeskoolde posisies soos operateurs, algemene werkers en administrateurs.

(6) Die omvang van beheer is die getal spanlede wat direk aan 'n individuele bestuurder rapporteer. Die prototipe verskaf 'n aantal verwagte direkte rapporterings, maar dit sal oor munisipaliteite verskil, op grond van die aandrywers van die organisasiestruktuur—

(a) die omvang van beheer-metriek (verwys na Tabel 3) moet nie aangewend word om die personeelgetalle vir die munisipale personeeldiensstate te bepaal nie;

(b) wanneer die omvang van beheer vasgestel word, moet 'n munisipaliteit die volgende oorweeg—

(i.) die impak van besluitnemingsprosesse vir doeltreffende dienslewering;

(ii.) die koste van die voorgestelde personeeldiensstate vir die munisipaliteit;

(iii.) die graad van toesig wat dit sal verg, met hoërisikofunksies wat meer toesig vereis.

(7) Tabel 3 sit die organisasie-ontwerpmetriek vir verskillende munisipale kategorieë uiteen:

Tabel 3

Organisasie-ontwerpmetriek vir plaaslike regering: riglyne

Dimensie	Kategorie A	Kategorie B	Kategorie C
Werknemer-ratio	Kern- tot steunwerknemerratio van 80:20		
Strukturele lae	• Ses tot sewe (6-7) lae	• Vyf tot sewe (5-7) lae	• Vyf tot ses (5-6) lae
Strukturele vorm	<ul style="list-style-type: none"> • Strategies: 0,2 – 1% • Bestuurs-/ Spesialis-: 1 – 20% • Bedryfs-: 80 – 90% 	<ul style="list-style-type: none"> • Strategies: 1% • Bestuurs-/ Spesialis-: 1% - 15% • Bedryfs-: 85% – 95% 	<ul style="list-style-type: none"> • Strategies: 1% • Bestuurs-: 5% – 15% • Spesialis-: 30% – 55% • Bedryfs-: 15% – 30%
Omvang van beheer	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipale Bestuurder: 7 – 8 • Direkteure: 6 – 7 • Afdelingsbestuurders: 5 – 6 • Bestuurders: 5 – 6 • Toesighouers: 9 – 15 	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipale Bestuurder: 6 – 8 • Direkteure: 5 – 7 • Afdelingsbestuurders: 5 – 6 • Bestuurders: 5 – 6 • Toesighouers: 9 – 15 	<ul style="list-style-type: none"> • Munisipale Bestuurder: 6 – 8 • Direkteure: 5 – 6 • Afdelingsbestuurders: 4 – 5 • Bestuurders: 4 – 5 • Toesighouers: 9 – 12

Toepassing van organisasie-ontwerpbeginsels en -metriek op die hersiening van personeeldiensstate

6. (1) Die hoofdoel van die hersiening van die personeeldiensstaat is om 'n doeltreffende en effektiewe struktuur te kry wat met die dienslewingsmandaat van die munisipaliteit ooreenstem.

(2) Hersien die munisipale personeeldiensstaat deur van bogenoemde organisasie-ontwerpmetriek gebruik te maak (verwys na Tabel 3).

(3) Ontwerp die munisipale personeeldiensstaat deur die struktuurprototipe van toepassing op die munisipale kategorie te volg. Die hersiening moet die volgende oorweeg:

- (a) identifiseer die posisies en rapporteringslyne en karteer ooreenstemming met die vermoëns en funksies in die funksionele bedryfsmodel;
- (b) pas 'n bo-na-onder-benadering toe om die makrovlak, oftewel bestuursposisies, te anker (die bo-na-onder-benadering gebruik die munisipale mandaat en strategie om die vereiste werk vir die bereiking van dienslewingsdoelwitte te identifiseer en breek dit op in komponente om die munisipale personeeldiensstaat te omskryf);
- (c) elke werksposisie in die makrostruktuur of bestuurlaag veronderstel dat voldoende vermoë in die mikrostrukture sal bestaan om hierdie werksposisies te regverdig;
- (d) pas 'n onder-na-bo-benadering toe en begin by die bedryfsposisies, oftewel mikrovlak, en verstaan die impak van transaksionele volumes op personeelgetalle en die samestelling van die bestuurslaag (die onder-na-bo-benadering ondersoek

- hoe werksubprosesse en werksprosesse in toepaslike klusters gegroep kan word om die munisipaliteit se personeeldiensstaat en rolle te omskryf);
- (e) indien die personeelgetalle in die mikrostruktuur onvoldoende is om 'n makrostruktuurpos te regverdig, moet hierdie pos met 'n ander pos saamgesmelt of daarin ingesluit word om 'n voltydse ekwivalente rol te regverdig; en
- (f) doen 'n bykomende kapasiteitsmodelleringsoefening met behulp van prosesinligting, indien nodig, soos in artikel 8 beskryf.
- (4) Die volgende beginsels lei die proses van struktuurontwerp:
- (a) wees bewus van die rapporteringslae van die ontwerp om toe te sien dat die volledige struktuur nie sewe lae, volgens die aanbevole metriek, oorskry nie;
- (b) ken rolle aan die betrokke funksies toe wat die rapporteringslyne illustreer;
- (c) pas die aanbevole omvang van beheermetriek vir elke laag in die struktuurontwerp toe; en
- (d) neem die aanbevole strukturele vorm-metriek vir die soort munisipale kategorie by die ontwerp van die struktuur in ag.
- (5) Afwykinge van die strukturele prototipes moet die uitsondering wees en voor toepassing goedgekeur word.

Hersiening van kernprosesse

7. (1) Identifiseer en hersien die kernprosesse wat elk van die dienste in die dienslewingsmodel stut.
- (2) Die hoofdoel van die hersieningsproses is om maniere te identifiseer om prosesse vaartbelyn te maak om doeltreffendheid en effektiwiteit te verhoog, deur te fokus op daardie gebiede uiteengesit in Tabel 4.

Tabel 4

Fokusgebiede vir proses hersiening

	Fokusgebied	Vrae om te beantwoord
1	Bottelnekke	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar punte in die proses wat vertraag word deur oortollige of onnodige stappe, gebrek aan kapasiteit of ander faktore? • Is daar aktiwiteite wat moet plaasvind, maar nie plaasvind nie weens moontlike verstoppings?
2	Swak skakels	<ul style="list-style-type: none"> • Word stappe gestrem deur onvoldoende opleiding, of deur toerusting wat herstel of vervang moet word?
3	Swak omskrewe stappe	<ul style="list-style-type: none"> • Is stappe oop vir interpretasie en word dit moontlik op 'n ander manier deur elke betrokke persoon gedoen, wat lei tot variasie/inkonsekwentheid?
4	Aksies wat min waarde toevoeg	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar stappe wat nie waarde tot die uitsette van die proses toevoeg nie en wat

	Fokusgebied	Vrae om te beantwoord
		<p>uitgeskakel kan word? (’n Goeie vraag om te vra is of ’n klant sou betaal om hierdie stap te laat doen.)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Is te veel mense besig met klein takies wat deur een persoon gedoen kon word?
5	Niekritieke aksies	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar niekritieke stappe (bv. rekordhouding of liassering) wat ’n proses vertraag?
6	Oorhandigings	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar te veel oorhandigings (beweging van werk tussen mense)?
7	Te veel opeenvolging	<ul style="list-style-type: none"> • Vind stappe te dikwels opeenvolgend plaas waar dit parallel kan plaasvind?
8	Oorheersing van die uitsondering	<ul style="list-style-type: none"> • Kom problematiese gevalle wat 10% of 20% van die werkklas uitmaak, in die pad van die ander 80% of 90%?
9	Eskaleringsgoedkeuring/ Inligtingslusse	<ul style="list-style-type: none"> • Word daar onnodig na hoër lae in ’n struktuur verwys vir besluitneming of die deel van inligting?
10	Koördinerings	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar ’n rol wat ander rolle en take koördineer? (’n Simptoom van ’n swak proses is dikwels personeel wat in isolasie van mekaar/ander werk.)
11	Ongedefinieerde rolle	<ul style="list-style-type: none"> • Is rolle ongedefinieerd, wat lei tot verwarring oor wie wat doen?
12	Werk en inspeksie	<ul style="list-style-type: none"> • Is die werklike werk en die inspeksie daarvan aparte aktiwiteite in die proses?
13	Vervoer	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar foutiewe beweging van goedere en dienste tussen plekke, wat lei tot hervervoer na die regte bestemming?
14	Inventaris	<ul style="list-style-type: none"> • Word meer materiaal en goedere geberg as wat onmiddellik nodig is?

(3) Elke proses behoort gesteun te word deur ’n besluitnemingsregtematriks (RACI) wat spesifiseer wie waarvoor verantwoordelik is, wie aanspreeklik is, wie geraadpleeg moet word, en wie ingelig moet word ten opsigte van elke aktiwiteit in die proses.

(4) Tabel 5 bied ’n illustrasie van ’n voorbeeld van ’n RACI-sjabloon:

Tabel 5

RACI-SJABLOON

	Werktitel	Werktitel	Werktitel	Werktitel	Werktitel	Werktitel	Werktitel	Werktitel
	Lys alle belanghebbendes in die bostaande kolomme wat by die proses betrokke kan wees.							
Prosesstappe								
Lys die prosesstappe en -aktiwiteite								
Sleutel R = Verantwoordelik: Persoon wat die aktiwiteit uitvoer. ("Responsible") A = Aanspreeklik: Persoon wat besluitnemingsmag het. ("Accountable") C = Raadpleeg: Persoon wat geraadpleeg word voor die aktiwiteit uitgevoer word. ("Consult") I = Inlig: Persoon wat van die uitgevoerde aktiwiteit ingelig word. ("Inform")								
Instruksies: Vul die sjabloon in deur in die betrokke kolomme aan te dui vir elke prosesstap en -aktiwiteit watter persoon verantwoordelik en aanspreeklik is en geraadpleeg en ingelig word.								
Voorbeeld van hoe om die 'RACI'-sjabloon in te vul								
Proses	Munisipale Bestuurder	Hoof- Finansiële Beampte	Departements- hoofde	Raad				
Ontwikkel die munisipale begroting	A	R	C	I				

(5) Werkstudiemetodes en -prosedures kan toegepas word om akkuraat vas te stel hoeveel personeellede nodig is om 'n spesifieke diens te verrig.

(6) Die prosesse wat hier bo beoog word, kan die gebruik van verskillende werktuie nodig hê om die tyd te bereken wat dit neem om 'n spesifieke taak te begin en af te handel, insluitende metodes vir die uitvoer van sodanige taak. Op sy beurt sal dit die munisipaliteit help om vas te stel hoeveel personeellede nodig is vir elke werksposisie in die struktuur.

(7) Sommige van die faktore wat kapasiteitsbeplanning beïnvloed, is—

- (a) die aard van die funksies wat aan die munisipaliteit toegewys is;
- (b) die omvang van en soort dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word;
- (c) die arbeidsintensiteit van aktiwiteite of die omvang van meganisasie; en
- (d) die omvang van uitkontraktering.

Implementeringsplan om die verandering te steun

8. (1) Die hoofdoel van die implementeringsplan is om die munisipaliteit te voorsien van 'n raamwerk om die hersiening van die munisipale personeeldiensstaat doeltreffend te implementeer.

(2) By die beplanning van die implementering van die hersiene personeeldiensstaat, moet die munisipaliteit—

- (a) in lyn wees met die bestuursmeganismes vir implementering;
- (b) meganismes identifiseer om die maksimum steun vir verandering en die minimum teenstand teen verandering te bekom—
- (i.) vereenselwig die voorneme om te verander met die munisipale leierskap;
 - (ii.) artikuleer die saak vir verandering, insluitende die redes vir die verandering, en hoe dit die munisipaliteit en personeel en veral die breë gemeenskap tot voordeel sal strek;
 - (iii.) betrek belanghebbendes en vestig 'n kommunikasiebenadering;
 - (iv.) identifiseer die impak van die verandering om vas te stel hoe die munisipaliteit moet reageer;
 - (v.) stel die graad van verandering aan 'n werksposisie vas deur van die beginsels in Tabel 6 gebruik te maak;

Tabel 6

Beginnels wat die graad van verandering aan 'n werksposisie rig

Soort verandering	Beskrywing en riglyne
Wesentliche verandering	Behels beduidende veranderinge, wat die volgende kan insluit: <ul style="list-style-type: none"> • verandering in die getal ondergeskiktes wat aan die persoon rapporteer; • verhoogde verantwoordingspligtigheid, wat die algehele toesig oor 'n aktiwiteit of aktiwiteite behels; • verhoogde verantwoordelikheid vir die onderneming van die funksie; • impak en veranderinge wat verband hou met die fisiese ligging en reisvereistes vir daardie werksposisie; of • verandering in die vlak.
Beperkte of niewesentliche graad van verandering	Geringe veranderinge in die onderneem van die werksposisie waarvoor die persoon maklik opgelei kan word, soos tegnologieveranderinge, ens.
Afgeskaf	Hierdie werksposisie is nie in die nuwe personeeldiensstaat nodig nie, dus word dit afgeskaf en word dit oortollig.
Nie deur die verandering geraak nie	Niks verander aan hoe die werksposisie voorheen, volgens die ou posbeskrywing, uitgevoer is nie.

- (c) die opeenvolging van die implementering van die personeeldiensstaat beplan;
- (d) 'n begroting opstel vir die personeeldiensstaat en goedkeuring verkry;

- (e) die oorgangsbenadering vir die werksmag ontwikkel en beplan;
- (f) die inwerkingstelling van die vermoënsoordrag beplan; en
- (g) voorsiening maak vir 'n ná-implementeringsplan, insluitend 'n proses om tred met voordele te hou.

Oorhoofse riglyne vir hersiening van personeeldiensstaat

9. (1) By die hersiening van die personeeldiensstaat van die munisipaliteit, moet die munisipale bestuurder soek na geleenthede om—
- (a) oortollige bestuurslae te verwyder en, waar nodig, omvang van beheer te vergroot;
 - (b) poste te skep wat rolle en verantwoordelikhede uitdruklik omskryf en vaartbelyn maak;
 - (c) die duplisering van dienste of aktiwiteite, veral administratiewe steunfunksies, te verminder;
 - (d) ad hoc-versoeke vir die skep van poste uit te stel, tensy dwingende redes daarvoor bestaan;
 - (e) aktiwiteite wat nie waarde toevoeg nie, of vermorsing meebring, uit te skakel;
 - (f) tegnologiegedrewe bemagtigers bekend te stel (bv. virtuele vergaderings en sosiale netwerke om besteding te verminder, besluitneming te versnel en 'n wyer omvang van beheer moontlik te maak); en
 - (g) die manier waarop die munisipaliteit, dwarsoor funksies en sake-eenhede, bedryf word, te verbeter.

Algehele noulettendheid by hersiening van personeeldiensstaat

10. (1) Tabel 7 kan gebruik word as 'n noulettendheidsriglyn vir die hersieningsproses van die personeeldiensstaat:

Tabel 7

Fokusgebiede vir proseshersiening

No.	Vraag/Oorwegings	Aksies
Voordat daar met die hersiening van die personeeldiensstaat begin word		
1	Het jy die doel agter die herorganisering of herontwerp van jou munisipaliteit ontleed?	<ul style="list-style-type: none"> • Bevestig die hoofdoel en die bedoeling van die herorganisering of herontwerp. • Deurdink die oplossing.
2	Verstaan jy watter waarde geskep word en hoe om dit in jou munisipaliteit te versterk?	<ul style="list-style-type: none"> • Dui duidelik aan waar waarde geskep word. • Wees realities oor doelwitte en bewus van die onbedoelde gevolge van die herorganisasie of herontwerp en waardeskepping.
3	Het jy 'n duidelik geartikuleerde strategie in lyn met die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan?	<ul style="list-style-type: none"> • Maak seker dat 'n duidelike en eenvoudige strategie geartikuleer word vir die herorganisering of herontwerp van die munisipaliteit se administrasie. • Gebruik feitelike inligting om insig in kwessies en feite-gebaseerde oplossings aan te dryf.
Die ontwerp van die nuwe personeeldiensstaat		
4	Hoe ambisieus wil jy wees en hoe ver wil jy gaan met die herorganisering of herontwerp?	<ul style="list-style-type: none"> • Stel vooraf vas hoeveel verandering die munisipaliteit sal moet onderneem, of kan onderneem. • Kry balans tussen die oogmerk en die strategiese behoefte aan verandering.
5	Het jy duidelikheid oor die omvang, benadering, werktuie en tempo van die projek?	<ul style="list-style-type: none"> • Kom ooreen oor die benadering en tempo wat die munisipaliteit pas. • Verseker dat die leierskap en arbeidsmag inkoop voor daar met die proses begin word.
6	Hoe sal jy weet of jou herorganisering of ontwerp die regte een is?	<ul style="list-style-type: none"> • Maak seker dat die herorganisering of herontwerp 'n kombinasie is van goeiepraktyk- kwalitatiewe dataontleding en gefasiliteerde sessies met kernbelanghebbendes. • Toets en ontwerp teen organisatoriese scenarios.
Stel die nuwe personeeldiensstaat in plek		
7	Is die munisipaliteit gereed vir moontlike verskuiwings en ontwigtings?	<ul style="list-style-type: none"> • Wees bewus dat dit nodig is om die oorgang versigtig te bestuur. • Betrek personeel proaktief om hulle vir die komende verandering voor te berei.
8	Het jy uit vorige ondervinding geleer hoe om organisatoriese verandering te implementeer?	<ul style="list-style-type: none"> • Behou die ontwerpintegriteit regdeur die praktiese realiteite en botsende prioriteite. • Wees bewus dat die verandering van die struktuur vir gladde dienslewering meer is as om net die rapporteringslyne te verander.
9	Hoe gaan jy kollektiewe verantwoordingspligtigheid balanseer, momentum behou en die integriteit van die herorganisering of herontwerp behou?	<ul style="list-style-type: none"> • Voorafbeplanning is belangrik om energie en toewyding vol te hou.

No.	Vraag/Oorwegings	Aksies
10	Beskik jy oor 'n span leiers (senior bestuurders) met die vermoë, energie en entoesiasme om die ontwerp te lei en die resultate in te bed?	<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer 'n duidelike kampvegter met die mag om op te tree wat deur die personeel gevolg kan word. • Hou in gedagte dat leierskap binne 'n munisipale opset vaardigheid en gewilligheid vereis om die verandering deur te sien. • Maak seker dat jou leiers (senior bestuurders) toegerus is om die verandering aan te dryf.

RIGLYN 1B**ONTWIKKELING VAN 'N POSBESKRYWING**

1. (1) Die ontwikkeling van 'n posbeskrywing moet voorafgegaan word deur—
 - (a) die insameling van relevante inligting oor die werksposisie, insluitende maar nie daartoe beperk nie onderhoudvoering met die toesighouer en, waar toepaslik, die huidige houer van die pos, 'n arbeidsverteenvoerder, of die doen van 'n vergelykende ontleding van soortgelyke poste in ander munisipaliteite van soortgelyke grootte;
 - (b) die invul van die werksontledingsvraelys en die posbeskrywingsjabloon;
 - (c) die verifikasie van die korrektheid van die posbeskrywing; en
 - (d) raadpleging van die betrokke ondertekenaars van die posbeskrywing vir finale bevestiging en goedkeuring.
- (2) Wanneer die posbeskrywing ontwikkel en goedgekeur is, moet dit vir werksposisie-evaluering verwys word.

Tabel 8 sit 'n tipiese posbeskrywingsjabloon uiteen wat vir die ontwikkeling van posbeskrywings deur munisipaliteite gebruik kan word:

Tabel 8

Sjabloon vir posbeskrywing

POSBESKRYWING

AFDELING A: WERKTITEL EN INLIGTING

A.1 POS-IDENTIFIKASIE	
1. Munisipaliteit	
2. Werk-/Postitel	<i>Werktitel volgens voorgestelde nuwe struktuur</i>
3. Aantal poste	<i>Volgens voorgestelde nuwe struktuur</i>
4. Werkgraad	<i>Moenie invul nie, graad sal later toegeken word</i>
5. Datum waarop graad gemagtig is	<i>Moenie invul nie</i>
6. Pos-identifikasienommer(s)	<i>Moenie invul nie</i>
7. Naam van huidige houters(s) en diensnommer(s)	<i>Vul in indien jy oor die besonderhede beskik</i>
A.2 LIGGING VAN WERK/POS	
Departement	<i>Volgens struktuur</i>
Eenheid	<i>Volgens struktuur</i>
Afdeling	<i>Volgens struktuur</i>
A.3 OMLIGGENDE WERKPOSISIES/POSTE	
Onmiddellike toesighouer	
Werktitel	Pos-identifikasienommer
<i>Werktitel van direkte senior</i>	
Onmiddellike ondergeskiktes	
Werktitel(s)	Pos-identifikasienommer(s)
<i>Werktitel van ondergeskiktes</i>	
Gereeldheid van toesig	

AFDELING B: DOEL, PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN WERK

B.1 DOEL VAN WERK				
Verduidelik die hoofdoel van die werk, verkieslik in een of twee sinne.				
B.2 PLIGTE VAN DIE POS				
NO.	KERN-PRESTASIE-GEBIEDE (Wat)	INSET (Metodes Gebruik) (Hoe)	Uitsat (Verwagte Resultate) (Waarom)	FREKWENSIE
	<p>Wat? Verwys na die mees sigbare, konkrete aksies of hoofaktiwiteite wat in die werk gedoen word.</p>	<p>Hoe? Verwys na die metodes, prosesse en werktuie nodig om die vereiste aksies uit te voer.</p>	<p>Waarom? Verwys na die rede waarom die hoofaktiwiteit uitgevoer word, of die algehele doel van daardie spesifieke taak. Wat is die einddoelwit?</p>	<p>Wat is die frekwensie van elke aktiwiteit?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deurlopend • Daaglik • Weeklik • Maandeliks • Soos en wanneer nodig
	<p>Bv. Ontvangspersoon beheer ontvangsgebied</p>	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Groet besoekers en vind die aard van die besoek uit • Gee besoekers aanwysings na die toepaslike individue • Maak seker dat besoekers wat wag verversings aangebied word • Hou die ontvangsgebied netjies 	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om seker te maak dat professionaliteit en goeie eerste indrukke in stand gehou word. 	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deurlopend
	<p>Bv. Sekretaris sorteer en roeteer inkomende en uitgaande korrespondensie en pos van die kantoor</p>	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kommunikeer en versprei korrespondensie en inligting soos en wanneer nodig • Hou akkuraat rekord van en bestuur daaglik inkomende korrespondensie van die direkteur in prioriteitsvolgorde • Kontroleer dat faks-, e-pos- en poskorrespondensie en antwoorde namens die direkteur gedoen word • Reageer direk op onbelangrike korrespondensie namens die direkteur 	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sodat daar geen agterstand is nie, items geprioritiseer word en elke persoon die regte pos ontvang. 	<p>Bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Daaglik

<p>B.3 GESAG VAN DIE POS</p> <p>Dit bied 'n opsomming van die gesag van die werkhouer om besluite te neem of onafhanklik op te tree sonder verwysing na 'n meerdere. Perke van gesag kan ook ingesluit word (bv. nie toegelaat om ... nie).</p>	<p>Die pos is aanspreeklik vir alle uitkomstes wat verband hou met _____ (funksie, bv. Mensehulpbronbestuur) en is gemagtig om besluite te neem oor bedryfskwessies binne die sfeer van departementele beleid en prosedures en wette wat optrede in gevalle van nienakoming reguleer.</p> <p>Moet verseker dat _____ (funksie, bv. Mensehulpbronbestuur) se beleid, prosedures en strategieë ooreenstem met die betrokke wetgewing en statutêre reëls, regulasies en voorskrifte.</p> <p>Bestuur die _____ (Departement) ingevolge finansiële en gedelegeerde bedryfsbevoegdhede.</p> <p>Verantwoordelik vir die afdwinging van alle raadsbeleid op _____ (funksie, bv. Mensehulpbronbestuur en verwante prosedures).</p> <p>Goedkeuring van aanstellings, organisatoriese struktuur en nuwe beleid moet vir goedkeuring aan die raad gerapporteer word.</p> <p>Bestuur van hulpbronne toegewys aan die Departement ooreenkomstig raadsbeleid.</p> <p>Tree onafhanklik op met verwysing na die lynbestuurder en ingevolge die volgende wetgewing en regulasies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Alle beleid, prosedures en strategieë ooreenkomstig wetgewende en statutêre reëls, regulasies en munisipale verordeninge • Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), "Employment Equity Act, 1998" (Wet 55 van 1998), "Skills Development Act, 1998" (Wet 97 van 1998), Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997), Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), SAPRA-riglyne ens. • Enige ander wetgewing wat betrekking het op plaaslike regering en mensehulpbronne • Alle toepaslike raadsbeleide, produrele opdragte, administratiewe prosesse en prosedures • "Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2003" (Wet 47 van 2003), en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)
--	---

AFDELING C: WERKSPESIFIKASIE

Vaardighede wat met 'n pos verband hou, sluit in opvoeding of ondervinding, gespesialiseerde opleiding en persoonlike kenmerke en vermoëns.

C.1 NOODSAAKLIKE VEREISTES VAN DIE POS Vermeld die minimum opvoeding, kwalifikasies en ondervinding wat nodig is om die werk bekwaam te verrig.	
Kwalifikasie	<i>Voer in die minimum opvoedingsvlak (bv. Graad 10 / B.Com) wat nodig is om die werk bekwaam te verrig. Die huidige houer van die pos beskik nie noodwendig oor hierdie kwalifikasies nie, maar dit word beskou as noodsaaklik om die werk bekwaam te verrig.</i>
Redes vir noodsaaklike kwalifikasie	<i>Intrinsieke werksevereiste</i>
Ondervinding	<i>Teken die minimum hoeveelheid tyd en soort ondervinding aan wat nodig is voor aanstelling in hierdie pos – nie noodwendig waaroor die huidige houer van die pos beskik nie, maar eerder wat die werk vereis.</i>

C.2 VOORKEURVEREISTES VAN DIE POS	
Kwalifikasie	<i>Benewens die noodsaaklike vereistes hierbo, bv. nagraadse kwalifikasie in _____ (funksionele gebied) of verwante gebied</i>
Redes vir voorkeurkwalifikasie	<i>Werksevereiste</i>
Ondervinding	<i>Vermeld die nodige bykomende hoeveelheid ondervinding aan.</i>

C.3 BEVOEGDHEIDSVEREISTES VAN DIE POS Slegs waar dit direk betrekking het op die uitvoer van die werk	
1.	<i>Strategiese bestuursvaardighede</i>
2.	<i>Sakebestuursvaardighede</i>
3.	<i>Kommunikasievaardighede (verbaal en skriftelik)</i>
4.	<i>Bepennings- en organiseringsvaardighede</i>
5.	<i>Finansiële bestuursvaardighede</i>
6.	<i>Moet onder druk kan werk</i>
7.	<i>Goeie interpersoonlike vaardighede</i>
8.	<i>Onderhandelingsvaardighede en konflikthanteringsvaardighede</i>
C.4 SPESIALE VOORWAARDES EN FISIESE VEREISTES WAT MET DIE POS VERBAND HOU	
1.	<i>Gesonde persoon – vermoë om lang ure te werk en by spertye te hou</i>
2.	<i>Moet buite werksplek kan besoek aflê, soos en indien nodig, en vergaderings ná ure bywoon</i>
C.4 INVLOED EN KOMMUNIKASIE Illustreer die belanghebbendes wat deur hierdie pos beïnvloed sal word en ook die doel van die kommunikasie	
Lys hoofklante/-belanghebbendes	Doel van interaksie
	Gereeldheid van interaksie

AFDELING D: GOEDKEURING VAN POSBESKRYWING

D.1 GEWAARMERK AS KORREK				
Ons, die ondergetekendes, bevestig dat ons oor die inhoud van hierdie posbeskrywing oorleg gepleeg het en bevestig hiermee dat ons die inligting daarin bevat as 'n korrekte weergawe van die konteks en inhoud van die pos beskou.				
TITEL	NAAM	PERSONEEL-NOMMER	HANDTEKENING	DATUM
Departementshoof				
Direkte toesighouer				
Vakbond-verteenvoerder				
Huidige houër van pos				

HOOFSTUK 2**WERWING, KEURING EN AANSTELLING VAN PERSONEEL****RIGLYN 2A****WERWING, KEURING EN ADVERTERING VAN VAKANTE POSTE****Inleiding**

1. (1) Die werwing en keuring van personeel vorm deel van die munisipaliteit se personeellokstrategie en sy breër talentbestuursraamwerk.
- (2) Die werwing en keuring van personeel moet die munisipaliteit se kapasiteitsbehoefes steun en bevorder.
- (3) Werwingstrategieë behoort ontwerp te word om diverse, gekwalifiseerde aansoekers, insluitende persone met skaars vaardighede, aan te trek en te behou.

Versoek om vakante of nuwe pos te vul

2. (1) Wanneer 'n pos vakant raak, of 'n nuwe pos geskep is wat nog nie gevul is nie, moet die toesighouer onder wie se gedelegeerde gesag die pos val—
 - (a) by die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, bevestig dat die pos goedgekeur en befonds is;
 - (b) die nodige posbeskrywing in samewerking met mensehulpbronne ontwikkel;
 - (c) 'n skriftelike versoek en motivering opstel om die vakante of nuwe pos te vul; en
 - (d) toesien dat die gespesifiseerde inherente vereistes van die werk redelik en nodig is om die pligte wat met die pos verband hou, te verrig en nie diskriminerend is nie.
- (2) Die skriftelike versoek en motivering om die vakante of nuwe pos te vul, moet vir goedkeuring aan die betrokke bestuurder voorgelê word, soos uiteengesit in regulasie 11(3)(a).

Advertering van vakante pos

3. (1) Nadat goedkeuring verleen is om 'n vakante pos te vul, behoort mensehulpbronne 'n advertensie op te stel om die pos binne die munisipaliteit en ekstern, waar gepas, te adverteer.

(2) Die posadvertensie moet ten minste die vereistes wat in regulasie 14(2) uiteengesit is, vermeld.

(3) Advertensies moet só geplaas word dat dit die grootste moontlike poel interne en eksterne aansoekers so doeltreffend en effektief as moontlik sal bereik.

(4) Die munisipale bestuurder moet bepaal of 'n werwingsagentskap of talentsoekproses vir enige werwingsproses gebruik moet word.

(5) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie dit gedelegeer is, is daarvoor verantwoordelik om interne en eksterne advertensies gelyktydig in die mees gepaste forums of publikasies te plaas.

(6) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie hierdie funksie toegewys is, moet alle interne en eksterne aansoeke aanteken en moet die inligting bywerk namate die keuringsproses verloop.

(7) Die rekord wat gehou moet word, moet aan die Regulasies voldoen.

Kortlyste

4. (1) Kortlyste verwys na die proses waardeur die aantal aansoekers wat vir die vakante pos oorweeg word, verminder word.

(2) 'n Stel keuringsmaatstawwe moet vasgestel en toegepas word om toe te sien dat die proses billik en nediskriminerend is.

(3) Die keuringspaneel wat aangestel is om die aanstelling van persone in die vakante pos aan te beveel, moet die kortlys opstel.

(4) Die aanstelling van die keuringspaneel moet aan regulasie 16 voldoen.

(5) Die keuringsmaatstawwe moet objektief wees en met die vereistes van die pos en die toekomstige behoeftes van die munisipaliteit verband hou.

(6) Die aangestelde keuringspaneel moet die maatstawwe vasstel volgens—

(a) die spesifieke bevoegdhede, vaardighede en vermoëns wat nodig is vir bevredigende prestasie in die pos; en

(b) die kernprestasiegebiede van die vakante pos.

(7) Die toesighouer en die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie dit gedelegeer is, moet oor die metodes vir die opstel van die kortlys ooreenkom voordat dit toegepas word, wat die keuring van curriculum vitae, telefoniese onderhoude en bevoegdheidsgebaseerde evaluasies kan insluit.

(8) Die getal mense op die kortlys moet beperk word tot diene wat in hul aansoeke aangedui het dat hulle duidelik aan die minimum vereistes voldoen, wat die volgende insluit:

(a) al die vaardighede, kennis, bevoegdhede en vermoëns soos in die posbeskrywing geïdentifiseer waaroor die potensiële kandidaat by aanstelling moet beskik, of wat die kandidaat binne 'n redelike tyd kan bekom; en

(b) al die kwalifiserende maatstawwe vir die pos.

(9) Die toesighouer en die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie dit gedelegeer is, moet formele kwalifikasies, vorige leer en relevante ondervinding, of die vermoë om die nodige vaardighede en bevoegdhede binne 'n redelike tyd te bekom, in ag neem.

(10) Indien 'n groot getal aansoekers aan die minimum keuringsmaatstawwe voldoen, kan die kortlys verder verkort word.

(11) Die keuringspaneel moet 'n omvattende rekord hou van die kortlysproses en die besluite wat geneem word.

Bevestiging van referente en van persoonlike getuigskrifte

5. (1) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie dit gedelegeer is, moet die sifting van die kandidate op die kortlys ooreenkomstig regulasie 19 doen.

(2) Die resultate van die siftingsproses moet vir elke kandidaat op die kortlys skriftelik vasgelê word en aan die keuringspaneel voorgelê word.

Onderhoude

6. (1) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie die funksie toegewys is, moet binne vyf dae ná afhandeling van die sifting, die volgende aan die keuringspaneel voorlê:

(a) die kortlys van kandidate; en

(b) die resultate van die siftingsproses.

(2) Daar moet met elkeen van die kandidate op die kortlys 'n onderhoud gevoer word.

(3) Die doel van die onderhoud is om uit te brei op inligting wat in die aansoek verskaf is, nuwe inligting in te samel, die aansoeker se graad van bevoegdheid verder te assesser en vas te stel of die aansoeker aan die vereistes van die pos voldoen.

(4) Voor daar met die onderhoude begin word, moet die paneel vergader om die volgende te bevestig:

(a) die proses wat gevolg moet word;

(b) die keuringsmaatstawwe vir die geadverteerde pos, gebaseer op die betrokke kwalifikasies, ondervinding, bevoegdhede, vaardighede en kundigheid wat vir die pos vereis word; en

(c) die vrae wat gevra gaan word.

(5) Tydens die onderhoud is die keuringspaneel daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat—

(a) die onderhoud gestruktureer is;

(b) die tegnieke van vrae stel konsekwent in alle onderhoude gebruik word;

(c) daar 'n bevoegdheidsgebaseerde fokus op die vereistes van die werk is; en

(d) die onderhoud nie diskrimineer op grond van ras, geslag of gestremdheid nie.

(6) Gedurende die onderhoud moet die paneel toesien dat die aansoeker met wie die onderhoud gevoer word, 'n redelike geleentheid gegun word om vrae oor die pos en diens by die munisipaliteit te vra.

(7) Die keuringspaneel moet 'n skriftelike rekord hou van hul evaluering van die kandidate met wie onderhoude gevoer is.

(8) Nadat al die relevante inligting oorweeg is, moet die keuringspaneel op die meeste drie kandidate, in volgorde van voorkeur, aanbeveel of, indien geen kandidaat geskik bevind word nie, aanbeveel dat die pos weer geadverteer word.

(9) Voldoende rekords van die hele keuringsproses moet in stand gehou word, insluitende: maatstawwe vir keuring en die opstel van die kortlys; redes vir insluiting of uitsluiting van kandidate; afskrifte van ander evalueringresultate; notas oor die onderhoudevaluering van elke kandidaat; die nagaan van referente; en notas oor die beraadslaging waaruit die keuringsbesluit spruit. Hierdie rekords moet in 'n veilige plek op die munisipaliteit se perseel bewaar word.

(10) Ná afhandeling van die onderhoude moet die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, in samewerking met die voorsitter van die keuringspaneel, 'n skriftelike motivering opstel wat die volgende uiteensit:

- (a) die keuringsproses;
- (b) die uitkomstes van die sifting van die kandidate;
- (c) die uitkomstes van die onderhoudassessering; en
- (d) die aanbevelings van die keuringspaneel; vir die munisipale bestuurder, of die personeellid aan wie hierdie funksie toegewys is.

Aanstelling

7. (1) Die aanstelling van die goedgekeurde kandidaat moet ooreenkomstig regulasie 20 afgehandel word.

(2) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die personeellid aan wie die funksie toegewys is, moet—

- (a) 'n aanbod en aanstellingsbrief aan die goedgekeurde kandidaat voorlê; en
- (b) alle ander kandidate met wie onderhoude gevoer is, in kennis stel dat hulle onsuksesvol was.

RIGLYN 2B**WERWINGSREKWISISIEVORM**

Tabel 9 is 'n werwingsrekwisisievorm, wat ingevul moet word wanneer 'n besluit geneem word om iemand vir 'n pos te werf.

Tabel 9**Werwingsrekwisisievorm**

Die munisipaliteit is daartoe verbind om diversiteit en billikheid in alle kategorieë en op alle vlakke in die werkplek te handhaaf.	
Naam van afdeling	
Naam van departement	
Pos	
Graad	
Minimum voorgeskrewe opvoeding	
Minimum voorgeskrewe ondervinding	
Hoofverantwoordelikhede	
Inherente werkvereistes	
Voorgeskrewe bevoegdheidsvereistes	
Medium van advertering	
Intern:	Ekstern:
Rede vir werwing:	Nuwe pos/ Bykomende pos/ Bedanking van personeellid/ Bevordering/ ens.
Ander: Vermeld	
Beskikbaarheid van begroting	Ja/Nee
Indien Nee, meld redes	

.....
Departementshoof (DH)

.....
Datum

Volle Naam:

Aanbeveel/Nie aanbeveel nie

..... Datum
DH: Mensehulpbronne

Volle naam:

Goedgekeur/Nie goedgekeur nie

..... Datum
Uitvoerende Direkteur/Direkteur

Naam:

**RIGLYN 2C
ONDERHOUDHANDLEIDING**

1. Tabel 10 volg 'n onderhoudpaneelassesseringsvorm wat tydens die onderhoud deur elke lid van die onderhoudpaneel ingevul moet word en riglyne vir die invul van die vorm.

Tabel 10

Onderhoudpaneelassesseringsvorm

Naam van ondervraer	
Naam van aansoeker	
Datum van onderhoud	
Posisie(s) waarom aansoek gedoen word	
Notas en algehele indruk van die kandidaat in woorde	
Aanbeveling	

Handtekening van paneellid

Datum

Riglyne vir 'n onderhoud

Algemeen:

- Alle kandidate is op dieselfde vroe geregtig. Dit dra by tot 'n konsekwente onderhoudproses wat regtens verdedig kan word.
- Hou rekord van die kandidaat se antwoorde. Dit dien as bewys vir die tellings wat jy toeken en sal nodig wees indien jy van diskriminerende taktieke beskuldig sou word.
- Moet nooit persoonlike opmerkings maak oor die antwoorde wat die kandidaat op die vroe wat gevra word, gee nie.

- Moenie vrae oor die kandidaat se persoonlike lewe vra nie, d.w.s. vrae soos “Wat is jou huwelikstatus?” of “Beplan jy om binnekort kinders te hê?”
- Aan die einde van die onderhoud, bedank die kandidaat vir sy of haar tyd en verduidelik wat die volgende stappe in die proses is.

Hoe om die onderhoud te begin:

Begin die onderhoud deur na die volgende hoofpunte te verwys:

- Dat die munisipaliteit geïdentifiseer het wat, buiten vaardighede en ondervinding, belangrik is om goed in die posisie te presteer;
- Verduidelik dat, hoewel ons nog nie weet wanneer die uitslag van die werwingsproses beskikbaar sal wees nie, ons daartoe verbind is om die proses so gou as moontlik af te handel en dat alle kandidate in kennis gestel sal word wanneer die inligting beskikbaar is;
- Stel jou bekend en verduidelik aan die kandidaat dat jy 'n gestruktureerde onderhoud gaan voer, en hom of haar vir spesifieke voorbeelde gaan vra van waar hy of sy sekere goed gedoen of sekere aksies uitgevoer of besluite geneem het; en
- Dat jy soveel moontlik inligting tydens die onderhoud moet aanteken en jy dus baie tydens die onderhoud sal skryf.

Notas:

- Luister na die antwoorde en evalueer die gehalte en diepte van die antwoorde.
- Teken jou indrukke van die kandidaat aan.
- Maak notas van enige bewyse van bevoegdhede wat die kandidaat demonstreer.

Die graderingskaal in Tabel 11 moet gebruik word wanneer onderhoude met kandidate gevoer word.

Tabel 11

Evaluasiegraderingskaal

Evaluasiegraderingskaal		
Skaal	Beskrywing	Prestasie-aanwysers
4	Uitstekend	Die aansoeker beskik oor buitengewoon goed ontwikkelde en relevante vaardighede en vermoëns vir die tegniese en/of gedragsbevoegdhede wat nodig is om in die posisie te presteer.
3	Bevoeg	Die aansoeker beskik oor relevante vaardighede, kennis en vermoëns. Die aansoeker voldoen in die algemeen aan hierdie maatstaf.

Evaluasiegraderingskaal		
Skaal	Beskrywing	Prestasie-aanwysers
2	Vereis ontwikkeling	Die aansoeker beskik oor sommige vaardighede, kennis en vermoëns wat met die maatstaf verband hou, maar is beperk in ander. Hy of sy het verdere opleiding en ontwikkeling nodig om aan die vereiste standarde vir hierdie maatstaf te voldoen.
1	Onbevredigend (substandaard)	Die aansoeker kan nie bewys dat hy of sy oor voldoende vaardighede, kennis en vermoëns met betrekking tot die maatstaf beskik nie. Hy of sy sal nie geskik wees om die pligte van die amp te verrig nie.

Afsluit van die onderhoud:

- Bedank die kandidaat dat hy of sy die onderhoud bygewoon het.
- Gee aan die kandidaat die geleentheid om vrae te vra.
- Verduidelik die volgende stap in die proses en enige tydsraamwerke, insluitende wie hulle sal kontak en wanneer.

RIGLYN 2D**VERKLARING VAN BELANGEBOTSING DEUR LID VAN ONDERHOUDPANEEL**

LOGO VAN MUNISIPALITEIT

VERTROUWELIJKHEIDSVERKLARING DEUR ELKE LID VAN KEURINGSPANEEEL

ONDERHOUDE VIR DIE GEADVERTEERDE POS VAN
(NAAM VAN DIE GEADVERTEERDE POS)

Datum: dd/mm/jj

Ek,, verklaar hiermee dat ek die bepalings van regulasie 24 van die Plaaslike Regering: Munisipale Personeelregulasies gelees het.

Ek verklaar hiermee verder dat—

- (a) ek geen persoonlike belang het by enige van die kandidate met wie onderhoude gevoer is nie;
- (b) daar hoegenaamd geen verwantskap bestaan tussen my en die kandidate met wie onderhoude gevoer is nie;
- (c) ek nie enigiets aan enige van die kandidate met wie onderhoude gevoer is, verskuldig is of omgekeerd nie;
- (d) my deelname aan hierdie onderhoude sal op geen wyse 'n belangebotsing of onbehoorlike invloed of poging tot beïnvloeding van die aanstel of bevordering van 'n gade, lewensmaat, gesinsvriend, vriend of kennis veroorsaak nie;
- (e) ek nie die uitslag van hierdie onderhoude sal bespreek of enige kandidaat met wie 'n onderhoud gevoer is, oor die uitslag van hierdie onderhoude sal inlig nie;
- (f) alle besprekings wat uit die onderhoudproses spruit, as streng vertroulik gehanteer sal word en geen inligting aan enige kandidaat of persoon wat nie deel is van die keuringspaneel nie, bekend gemaak sal word nie, totdat die munisipale bestuurder of sy of haar gedelegeerde die aanbevelings van die keuringspaneel goedgekeur het en die suksesvolle kandidaat behoorlik van die uitslag van die besluit van die munisipale bestuurder of sy of haar gedelegeerde in kennis gestel is.

Geteken te op hierdie dag van 20.....

.....
Handtekening: Keuringskomiteelid

.....
Handtekening: Voorsitter

LOGO VAN DIE MUNISIPALITEIT

**VERKLARING VAN VERTROULIKHEID DEUR PERSONEELLID WAT TYDENS DIE
KEURINGSPROSES SEKRETARIËLE DIENSTE VERSKAF**

**ONDERHOUDE VIR DIE GEADVERTEERDE POS VAN.....
(NAAM VAN DIE GEADVERTEERDE POS)**

Datum: dd/mm/jj

Ek,, verklaar hiermee dat ek die bepalings van regulasie 24 van die Plaaslike Regering: Munisipale Personeelregulasies gelees het.

Ek verklaar hiermee verder dat—

- (a) ek geen persoonlike belang het by enige van die kandidate met wie onderhoude gevoer is nie;
- (b) daar hoegenaamd geen verwantskap tussen my en die kandidate met wie onderhoude gevoer is, bestaan nie;
- (c) ek nie enigiets aan enige van die kandidate met wie onderhoude gevoer is, verskuldig is of omgekeerd nie, of *vice versa*;
- (d) my deelname aan hierdie onderhoude op geen wyse 'n belangebotsing of onbehoorlike invloed of poging tot beïnvloeding van die aanstel of bevordering van 'n gade, lewensmaat, gesinsvriend, vriend of kennis sal veroorsaak nie;
- (e) ek nie die uitslag van hierdie onderhoude sal bespreek of enige kandidaat met wie 'n onderhoud gevoer is oor die uitslag van hierdie onderhoude in kennis sal stel nie;
- (d) alle besprekings wat uit die onderhoudsproses spruit, as streng vertroulik gehanteer sal word en geen inligting aan enige kandidaat of persoon wat nie deel van die keuringspaneel is nie, bekend gemaak sal word nie, totdat die munisipale bestuurder of sy of haar afgevaardigde die aanbevelings van die keuringspaneel goedgekeur het en die suksesvolle kandidaat behoorlik oor die uitslag van die besluit van die munisipale bestuurder of sy of haar afgevaardigde in kennis gestel is.

Geteken te op hierdie dag van..... 20.....

.....
Handtekening: Sekretaris

.....
Handtekening: Voorsitter

RIGLYN 2E**INLYWING VAN PERSONEEL****Inleiding**

1. (1) Die inlywing van personeel is noodsaaklik om te verseker—
- (a) dat nuut aangestelde personeellede omvattend aan die aktiwiteite, etos en kultuur van 'n munisipaliteit bekendgestel word; en
- (b) personeellede vinnig integreer en oor die lang termyn behou word.
- (2) Inlywing is 'n belangrike komponent van die munisipaliteit se strategieë en prosedures vir werwing en keuring, kapasiteitsbou en behoud van personeel.

Beginsels en doel

2. (1) Die belangrikheid van konsekwente inlywing vereis van alle nuwe munisipale personeellede om 'n gestandaardiseerde inlywingsprogram binne een maand ná aanvang van diens by te woon.
- (2) Inlywingsprogramme moet tot gevolg hê dat nuwe personeellede 'n duidelike begrip het van die bedrywighede van die munisipaliteit, asook die strukture, strategie, doelwitte en kultuur daarvan.
- (3) Munisipaliteite moet inlywingsprogramme gebruik om:
- (a) nuwe werk nemers op 'n konstruktiewe manier te verwelkom wat 'n positiewe beeld van die munisipaliteit uitdra;
- (b) die personeellid aan die werksomgewing en sy of haar kollegas bekend te stel;
- (c) integrasie met die werksfunksies, die departement, span en die munisipaliteit as geheel, te fasiliteer;
- (d) omvattende inligting oor die munisipaliteit se beleid, gesondheids- en veiligheidsvereistes, prosedures, geriewe en dienste aan die nuwe personeellid te verskaf;
- (e) prestasiestandaarde, verwagtinge en vereiste gedragspatrone vir doeltreffende werksprestasie uit te lig en bekend te stel;
- (f) 'n stewige fondament te lê vir die personeellid om die uitdagings van die pos te aanvaar en 'n verbintenis met die munisipaliteit op te bou; en
- (g) doeltreffende kommunikasiekanale oop te maak.

Riglyne vir inlywingsprosedure

3. (1) Die volgende stappe dien as 'n riglyn vir enige inlywingsprogram:



- (2) Stap 1: Voorbereiding voor aankoms en laat weet ontvangs en die span:
- (a) Berei voor die personeellid se aankoms 'n inligtingspakket vir hom of haar voor, wat ten minste die volgende inligting bevat:
- (i) verwelkomingsbrief van die munisipale bestuurder en departementshoof;
 - (ii) aanbodbrief en besonderhede van pakket;
 - (iii) oorsig van voordele;
 - (iv) gedragkode;
 - (v) posbeskrywing;
 - (vi) begindatum, waar en aan wie om te rapporteer;
 - (vii) kontaknaam van werwingspesialis.
- (b) Een week voor die begindatum moet die toesighouer 'n beleefdheidsoproep na die nuwe personeellid maak.
- (c) Voor die aankoms van die nuwe personeellid (d.w.s. 'n dag of twee voor die nuwe personeellid begin), moet die toesighouer ontvangs en die betrokke span in kennis stel dat die nuwe personeellid by hulle sal aansluit en inligting oor die personeellid se aankoms verskaf om 'n verwelkomende eerste dag te verseker. Die toesighouer moet seker maak dat ontvangs weet van die nuwe personeellid se aankoms en vir die personeellid aanwysings na sy of haar nuwe werkstasie kan gee.
- (3) Stap 2: Berei die werkstasie voor: Maak seker dat die werkarea of lessenaar oop en skoon is en voorsien skryfbehoeftes. Indien die personeellid 'n persoonlike rekenaar nodig het, reël een en fasiliteer wagwoordtoegang. Reël ook parkering en die nodige toegangskarte, indien nodig.
- (4) Stap 3: Eerste- en tweede-dag-oriëntasie: Dit moet deur Mensehulpbronne en die betrokke toesighouer gereël en bestuur word. Die oriëntasie moet ten minste die volgende behels:
- (a) Verskaf 'n toer van die werksplek: Verskaf 'n begeleide toer van die munisipaliteit se werkareas waarmee die personeellid die meeste kontak sal hê, asook van personeel en kantoorgeriewe. Stel die personeellid aan kollegas bekend.
- (b) Bied algemene administratiewe steun aan die personeellid (skep personeelrekord, skep betaallysrekord, verduidelik en finaliseer voordele, wys uniform en werkstoerusting toe, stel rekenaar en e-posadres op, aktiveer telefoon, verskaf sleutels en toegangskarte, reik skryfbehoeftes en visitekaartjies uit, wys parkering toe, soos van toepassing).
- (c) Die personeellid moet sy of haar dienskontrak asook afskrifte van die munisipaliteit se beleide ontvang en kan gevra word om die dienskontrak en 'n afskrif daarvan, wat hy of sy kan hou, te onderteken.
- (d) Reël 'n vergadering met die toesighouer om die volgende in besonderhede te bespreek—
- (i) verwagtinge (bv., sleutelprestasiegebiede of SPG's);
 - (ii) werksrooster en take vir die volgende twee weke;
 - (iii) aanspreeklikheidsraamwerk (vergaderings en rapporteringslyne);
 - (iv) inligting oor die departement waarby hy of sy sal aansluit. Dit sal insluit die organisatoriese struktuur van die departement, die rol van die departement en hoe dit binne die groter organisatoriese struktuur inpas, asook die strategiese aandrywers. Die toesighouer moet ook die nuwe personeellid se rol bespreek en hoe dit by die munisipaliteit inpas, hom of haar van spesifieke take vir die komende weke voorsien, enige kursusse of gebeure

wat deur die nuwe personeellid bygewoon moet word, identifiseer en die nodige besprekings doen.

(5) Stap 4: Skeduleer en voer 'n inlywingsprogram uit: Die inlywingsprogram moet ten minste 'n eendagsessie wees aan die einde van die maand waarin die werknemer begin werk het, om—

- (a) die munisipaliteit en sy GOP te verstaan;
- (b) die strukture van die munisipaliteit te verstaan;
- (c) die visie en strategie van die munisipaliteit te verstaan;
- (d) insig in en begrip vir die munisipaliteit se kultuur – "die manier waarop ons goed doen" – en die munisipaliteit se waardes deur boodskappe van senior bestuurders;
- (e) 'n oorsig oor beleid en die personeellid se regte en verpligtinge te verkry;
- (f) eweknieë uit ander departemente te ontmoet; en
- (g) prestasie- en beloningsbestuur en hoe dit die personeellid raak, te bespreek.

(6) Vir personeellede op middelbestuursvlak in die munisipaliteit behoort die munisipaliteit die oriëntasie aan te pas om die volgende in te sluit:

- (a) vergadering met die senior bestuurder om op 'n skriftelike prestasie-ooreenkoms met duidelike en realistiese doelwitte ooreen te kom, sodat hy of sy vroeg reeds weet wat van hom of haar verwag word en om realistiese tydsraamwerke vir die nuwe personeellid se aanvaarding van verantwoordelikheid te beding;
- (b) voorligting oor die bestuur van verhoudings en hoe om die uitdagings en vereistes van die nuwe omgewing aan te pak; en
- (c) bykomende inhoud in 'n eendaagse verwelkomings- en inlywingswerkswinkel wat die volgende insluit—
 - (i) 'n oorsig van wetgewing;
 - (ii) finansiële bestuur, risikobestuur en korporatiewe bestuur;
 - (iii) hoe om mense te bestuur en te lei;
 - (iv) die bevoegdhede van middelvlakbestuurders in die munisipaliteit; en
 - (v) leierskapsgedrag.

RIGLYN 2F**LOKKING EN BEHOUD VAN BEVOEGDE PERSONEEL****Inleiding**

1. (1) Die aantrekking en behoud van bevoegde personeel moet deel vorm van die munisipaliteit se talentbestuursraamwerk en -strategie.
- (2) Talentbestuur is 'n geïntegreerde proses wat ontwerp is om bevoegde personeel te lok, te behou en te ontwikkel.
- (3) Doeltreffende talentbestuur verseker die bedryfskontinuiteit en volhoubaarheid van die munisipaliteit deur te verseker dat die gepaste persoon, met die gepaste vaardighede, op die regte tyd in die gepaste posisie is.
- (4) Die munisipale bestuurder moet toesien dat die munisipaliteit 'n doeltreffende strategie en plan vir die lokking en behoud van personeel ontwikkel en implementeer.
- (5) 'n Komitee van die munisipale raad, saamgestel ingevolge artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), moet die implementering van die goedgekeurde strategie en plan om personeel te lok en te behou, monitor.

Lokking van bevoegde personeel

2. (1) By die ontwikkeling van 'n strategie en plan om personeel te lok, moet die munisipaliteit die volgende oorweeg:
 - (a) Die munisipaliteit se personeelwaardevoorstel.
 - (i) 'n Waardevoorstel is die bondige beskrywing van wat die munisipaliteit potensiële personeel kan bied.
 - (ii) Die werknemerwaardevoorstel is 'n boodskap wat ontwerp is om mense met gesogte professionele en tegniese vaardighede te oorreed en oor te haal om diens by die munisipaliteit te oorweeg.
 - (iii) Die personeelwaardevoorstel moet inspirerend, motiverend, aantreklik en uniek wees.
 - (b) Die munisipaliteit se langtermyn- en huidige strategiese organisatoriese vereistes ten opsigte van leierskapsbevoegdhede, tegniese vaardighede en openbarediensnoodsaaklikhede.
 - (c) Die munisipaliteit se vermoë as werkgever om 'n gunstige werksomgewing vir personeel te bied.
- (2) Die lokstrategie en -plan behoort verskillende tegnieke in te sluit wat gebruik kan word, en kan dié wat in Tabel 12 uiteengesit is, insluit.

Tabel 12**Tegniese vir die lokking van personeel**

Item	Tegniek	Voorbeelde
1	Koop talent	Bou verhoudings met belangrike bronne van talent, soos tersiêre instellings en sakeskole; gebruik verwysingsindiensneming; vorm vennootskappe met personeelagentskappe om potensiële personeellede te teiken; bou 'n internetwerwingstrategie
2	Bou talent	Bied opleiding en ontwikkeling aan kernpersoneellede
3	Leen talent	Vorm alliansies met organisasies in die privaat en openbare sektor en behou konsultante, bou vaardigheidsoordragprogramme, kontrakteer werk uit; behou verhoudings met voormalige personeellede
4	'Bons' talent	Ondersoek geleenthede soos sekondering, buigsame werksreëlings en kontrakwerk
5	Bind talent	Bied finansiële en niefinansiële ooredingsmiddele om talent te behou
6	Versterk talent	Bevordering- en personeelerkenningskemas

Identifiseer bevoegde personeel

3. (1) Die identifisering van skaars, kritieke en hoërisikovaardighede moet die grondslag vorm van enige talentbestuursingrypings.
- (2) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, moet 'n raamwerk ontwikkel vir die identifisering van bevoegde personeel.
- (3) Die raamwerk moet die identifisering van leierskapsgroepe en tegniese talent in die munisipaliteit moontlik maak.
- (4) Toesighouers, in oorleg met die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, moet bevoegde personeellede identifiseer.

Behoudstrategie

4. (1) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, moet—
- (a) oor die behoudstrategie toesig hou; en
- (b) toesien dat die manier waarop bevoegde personeel bestuur en betrek word, konsekvent geskied, deur—
- (i) toe te sien dat stelsels en prosesse gestruktureer word om buigsamheid binne die regsraamwerk te bied, sodat personeel doeltreffend en verskillend bestuur kan word, indien nodig;
- (ii) aan toesighouers die gesag te verleen om in hierdie verband op te tree, terwyl die nodige strategiese advies en steun aan hulle gebied word;
- (iii) beleid en prosedures te hersien om seker te maak dat dit die nodige mate van buigsamheid bied om bevoegde personeellede te akkommodeer; en

- (iv) 'n aanspreeklikheidsraamwerk te ontwikkel wat die grense uitstip waarbinne toesighouers mag optree om personeel te behou.

Optrede om personeel te behou

5. (1) Elke toesighouer moet op individuele grondslag met die personeel wat as bevoeg geïdentifiseer is, in interaksie tree, om beide hul tasbare en ontasbare motiverings en strewes te kan verstaan.

(2) Hierdie interaksie kan met die prestasiebestuursiklus en die formulering van persoonlike ontwikkelingsplanne geïntegreer word.

(3) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is en ander personeel van mensehulpbronne, moet toesighouers steun deur hulle met die metodologie en instrumente toe te rus om hierdie interaksie te onderneem.

(4) Die interaksie met die personeellid moet die volgende in ag neem:

(a) die personeellid se belangstellings, waardes, vaardighede en ontwikkelingsbehoefes; en

(b) die verskillende opsies tot die beskikking van die personeellid.

(5) Toesighouers, in oorleg met die personeel in die mensehulpbronedepartement, moet die tasbare en ontasbare motiverings wat nie uitvoerbaar is nie, identifiseer en die personeellid raadpleeg om 'n bevredigende oplossing te vind.

(6) Die interaksie moet 'n plan tot gevolg hê wat deur die personeellid en die betrokke toesighouer afgeteken is, en bekragtig word deur die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is.

(7) Die plan moet beide tasbare en ontasbare aksies, tydlyne, mikpunte en voorwaardelike vereistes bevat.

(8) Die plan moet die basis word vir die ontwikkeling, indiensneming en behoud van bevoegde personeellede.

(9) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, saam met die betrokke toesighouers, moet 'n talentblootstellingsprogram ontwikkel en toepas vir nuwe talent wat by die munisipaliteit aansluit, of 'n bepaalde vlak in die munisipaliteit betree.

(10) Die blootstellingsprogram moet daarop gemik wees om bevoegde talent van gestruktureerde blootstelling aan spesifieke werksvelde en -rolle te voorsien.

(11) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, of die persoon aan wie hierdie funksie gedelegeer is, moet toesien dat die program die rolle wat talent in die program sal speel, omskryf, sodat hulle vaardighede en ontwikkelingsvereistes gedurende die blootstelling geoptimaliseer word en verwagtinge bestuur word.

(12) Toesighouers moet bevoegde personeellede gereeld in gesprek betrek rakende hul plan.

(13) Die talentbestuursplan moet jaarliks hersien word en die hersiening moet met die prestasiebestuursiklus van die munisipaliteit saamval.

(14) Die hersiening moet die stappe in die plan wat afgehandel is, dié wat nog gedoen moet word, prestasie, volgende stappe, wysigings en die steun wat nodig is, oorweeg.

(15) Die plan moet bygewerk word en vir bekragtiging aan die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, gestuur word.

RIGLYN 2G

VERTROULIKE UITGANGSONDERHOUD

1. (1) Riglyne vir 'n vertroulike uitgangsonderhoud word in Tabel 13 uiteengesit.
 (2) Die personeellid moet uit die staanspoor ingelig word dat die onderhoud vertroulik is en dat die personeellid se naam nie aan die inligting wat verskaf word, gekoppel sal word nie.

Tabel 13**Sjabloon vir uitgangsonderhoud**

Naam van personeellid:		Personeelnommer:	
Departement:		Pos:	
Datum van onderhoud:		Plek:	
Onderhoud gevoer deur:			
Ampstitel:			
Datum van bedanking:			
Laaste dag van diens:			
Merk	Rede vir bedanking	Merk	Rede vir bedanking
	Persoonlik		Onvoldoende uitdagings
	Beter salaris aanbod		Onvoldoende steun van bestuur
	Gebrek aan vermoë vir posisie		Swak kommunikasie/ verhouding met meerderes/ kollegas/ondergeskiktes
	Soek beter loopbaangeleenthede		Vervoerprobleme
	Verandering in professionele rigting		Onvoldoende akkommodering van spesifieke behoeftes
	Onvoldoende leierskap of leiding		Onbevredigende werksomgewing
	Oorlaai met verantwoordelikhede		Salarisongelykhede
	Moet hervestig/emigreer		Om oorplasing te vermy
	Om voltyds te studeer		Om na kind/kinders om te sien
	Om na bejaarde afhanklikes om te sien		Om vroeg af te tree
	Om gesins- of persoonlike gesondheidsredes		Diskriminasie
	Om gevolge van voorgenome of werklike tugstappe te vermy		Ander
	Kommentaar:		

RIGLYN 2H

Tabel 14

Persoonlike datavorm van personeellid

1. Alle afdelings moet so volledig as moontlik in blokletters ingevul word.
2. Alle inligting sal as vertroulik gehanteer word.

Titel (bv. Dr., Mnr., Mev., Mej., Me., ens.):

Van:.....

Nooiensvan (indien van toepassing):.....

Voornaam:.....

Ander name:.....

Voorkeurnaam:.....

Geboortedatum: / /

Identiteitsnommer:.....

Nasionaliteit (Indien nie Suid-Afrikaans nie, voorsien asseblief werkspermit- of verblyfspermitnommer):.....

Huwelikstaat:.....

Geslag: Manlik..... Vroulik.....

Ras:..... Swart.....

Asiër.....

Kleurling..... Wit.....

Gestremdheid (verskaf asseblief besonderhede indien van toepassing)

.....

Posadres:.....

Telefoon (Tuis): ())

Telefoon (Werk): ())

Selfoon:.....

Poskode:.....

E-posadres:.....

Woonadres:.....

.....

.....	
.....	
.....	
Poskode:	
Algemene inligting	
Bestuurslisensie: Ja/Nee	Kode(s):
Belastingverwysingsnommer:	Belastingkantoor:
Naasbestaande	
Voornaam:	Verwantskap:
Van:	Selfoon:
	e-Pos:
Mediese praktisyn	
Voornaam:	Selfoon:
Van:	
Mediese fonds	
Mediese fonds:	
Mediesefondsnummer:	Mediesefondsplan:
	Getal afhanklikes:

Bankbesonderhede	
Banknaam:	
Takkode:	Taknaam:
Rekeningnommer:	
Naam van rekeninghouer:	
Soort rekening:	

Besonderhede van afhanklike/gade/lebensmaat	
Besonderhede van gade/lebensmaat	
Naam van gade/lebensmaat:	Geboortedatum van gade/lebensmaat:
ID-nommer van gade/lebensmaat:	
Besonderhede van afhanklike	
1. Van:	Naam:
Geslag: Manlik Vroulik	Geboortedatum:

Verwantskap:		
2. Van:		Naam:
Geslag: Manlik	Vroulik	Geboortedatum:
Verwantskap:		
3. Van:		Naam:
Geslag: Manlik	Vroulik	Geboortedatum:
Verwantskap:		

Tale			
Primêre taal:			
Praat:	Basies	Gemiddeld	Vlot
Lees:	Basies	Gemiddeld	Vlot
Skryf:	Basies	Gemiddeld	Vlot
Tweede taal:			
Praat	Basies	Gemiddeld	Vlot
Lees	Basies	Gemiddeld	Vlot
Skryf	Basies	Gemiddeld	Vlot
Ander taal:			
Praat	Basies	Gemiddeld	Vlot
Lees	Basies	Gemiddeld	Vlot
Skryf	Basies	Gemiddeld	Vlot

Kwalifikasies		
Instelling	Graad/sertifikaat	Jaar voltooi

Vorige werksondervinding			
	Huidige jaar	Vorige	Vorige
Werkgewer:			
Adres:			
Telefoon:			
Naam van onmiddellike toesighouer:			
Duur van diens:			
Mag ons die werkgewer kontak?	Ja/Nee		
Professionele Lidmaatskap			
Organisasie:			
Lidmaatskapsdatum:			
Kommentaar			
Kommentaar/bykomende inligting:			

VERKLARING

Ek verklaar dat bogenoemde inligting, soos deur my verskaf, na my beste wete waar en korrek is.

Handtekening van personeelid

Datum

RIGLYN 2I**PROEFTYDPERKOORSIGVORM**

Daar word NIE van jou verwag om 'n afskrif van hierdie vorm in te dien as die personeellid se prestasie tydens die proeftydperk bevredigend is nie. Jy MOET egter 'n afskrif indien en die raad van die hoof van die MH-eenheid so gou as moontlik inwin indien probleme tydens die proeftydperk ontstaan, wat tot gevolg kan hê dat die proeftydperk verleng moet word en/of die personeellid nie in daardie pos aangestel word nie. Nierapportering sal lei tot die aanname dat die personeellid se proeftydperk bevredigend vorder.

Die toesighouer moet toesien dat die personeellid op elke stadium van sy of haar proeftydperk 'n afskrif van hierdie dokument ontvang en behoort die oorspronklike te behou om by opvolgvergaderings die vordering teen die vasgestelde doelwitte te monitor.

Tabel 15**Rekord van proeftydperk**

Naam van personeellid:		
Werktitel:		
Graad:		
Departement:		
Aanvangsdatum:		
Toesighouer:		
	Sperdatum	Merk asseblief wanneer afgehandel
Aanvanklike vergadering		
1-maand-oorsig:		
3-maande-oorsig:		
6-maande-oorsig:		
9-maande-oorsig:		
12-maande-oorsig:		

DEEL 1**Aanvanklike vergadering**

Hierdie afdeling moet binne een week nadat die personeellid sy of haar diens begin het, deur die toesighouer ingevul word.

AFDELING A: Doelwitte	
Die toesighouer moet spesifieke prestasievereistes vir die personeellid identifiseer. Stipuleer wat gedurende die proeftydperk bereik moet word, insluitende sleutelprestasie-aanwysers.	
AFDELING B: Ontwikkelingsplan	
Om die personeellid met die nakoming van hierdie vereistes by te staan, behoort die toesighouer enige opleidings- en ontwikkelingsbehoefes te identifiseer en te vermeld hoe en wanneer hierdie behoeftes gedurende die proeftydperk aandag sal geniet.	
Handtekening van personeellid:	
Handtekening van toesighouer:	
Datum:	

DEEL 2

Eerste oorsig (1 maand) – 'n afskrif van DEEL 2 van hierdie vorm kan ook gebruik word om die 3-, 6- en 9-maande-oorsig van 'n personeellid wie se proeftydperk 6, 9 of 12 maande is, te doen.

Moet deur die toesighouer, in bespreking met die personeellid, ingevul word.

<i>(Merk asseblief)</i>	Verbetering nodig	Bevredigend	Goed	Uitstekend
Gehalte en akkuraatheid van werk				
Doeltreffendheid				
Bywoning				
Tydreëling				
Werksverhoudings (spanwerk en interpersoonlike kommunikasie-vaardighede)				
Bevoegdheid in die rol				

Indien enige areas van prestasie, gedrag of bywoning moet verbeter, verskaf asseblief besonderhede hier.			
Waar kwessies geïdentifiseer is, som asseblief op hoe dit gedurende die oorblywende proeftydperk aandag sal geniet.			
Som die personeellid se prestasie en vordering oor die tydperk op.			
Is daar aan die vereistes wat vir hierdie deel van die proeftydperk geïdentifiseer is, voldoen?	JA / NEE	Indien NEE, watter verdere optrede word vereis?	Oorsigdatum
Is daar aandag gegee aan die opleidings- en ontwikkelingsbehoefte wat vir hierdie deel van die proeftydperk geïdentifiseer is?	JA / NEE		
Handtekening van personeellid:			
Handtekening van bestuurder:			
Datum:			

DEEL 3

Finale oorsig

Moet deur die toesighouer, in bespreking met die personeellid, ingevul word.

<i>(Merk asseblief)</i>	Verbetering nodig	Bevredigend	Goed	Uitstekend
Gehalte en akkuraatheid van werk				
Doeltreffendheid				
Bywoning				
Tydreëling				
Werksverhoudings (spanwerk en interpersoonlike kommunikasievaardighede)				
Bevoegdheid in die rol				
Is daar voldoen aan die vereistes wat vir hierdie deel van die proef tydperk geïdentifiseer is?	JA / NEE	Indien NEE, watter verdere optrede word vereis?		
Is daar aandag gegee aan die opleidings- en ontwikkelingsbehoefte wat vir hierdie deel van die proef tydperk geïdentifiseer is?	JA / NEE			
Som die personeellid se prestasie en vordering oor die tydperk op				
Sal die personeellid se aanstelling bekragtig word?				JA / NEE
Indien NEE, verskaf asseblief redes hieronder en som op watter stappe gedoen is om enige probleme wat gedurende die proef tydperk ontstaan het, op te los.				
Die personeellid kan enige kommentaar oor sy of haar ondervinding van die proef tydperkproses hier lewer.				
Moet die personeellid se proef tydperk verleng word?				JA / NEE

<i>(Merk asseblief)</i>	Verbetering nodig	Bevredigend	Goed	Uitstekend
Indien JA, verskaf asseblief redes en, waar van toepassing, vermeld enige areas waar verbetering nodig is en hoe dit gemonitor sal word.				
Duur van die verlenging (maksimum 3 maande):				
Nuwe einddatum van proeftydperk:				
Handtekening van personeellid:				
Handtekening van bestuurder:				
Datum:				

HOOFSTUK 3

PRESTASIEBESTUUR- EN ONTWIKKELINGSTELSEL

RIGLYN 3A

Fases van die prestasiebestuur- en ontwikkelingstelsel (PBOS)

1. (1) Prestasiebestuur en ontwikkeling is die stelselmatige proses om—
- (a) werk te beplan en die verwagtinge van die munisipaliteit van personeellede of spanne te stel;
 - (b) die prestasie van personeellede of spanne deurlopend te monitor;
 - (c) die vermoë van personeellede of spanne te ontwikkel vir optimale prestasie;
 - (d) die prestasie van personeellede en spanne periodiek te takseer; en
 - (e) uitsonderlike prestasie te beloon.
- (2) Die prestasiebestuur- en ontwikkelingstelsel van 'n munisipaliteit moet bestaan uit verskillende fases, wat verband hou met prestasiebeplanning, afrigting, oorsig en beloning, soos bepaal in hierdie riglyne.
- (3) Die prestasiebestuur- en ontwikkelingstelsel moet uit die fases vervat in Tabel 16 bestaan.

Tabel 16

Fase	Tydsraamwerk	Aktiwiteite
(a) Beplanning	(i) Vind jaarliks aan die begin van die finansiële jaar plaas of die begindatum in 'n spesifieke pos.	(aa) Toesighouer skeduleer 'n vergadering met 'n personeellid of span om die prestasiedoelwitte vir die jaar te bespreek en daaroor ooreen te kom; (bb) Toesighouer en personeellid of span moet vir hierdie vergadering voorberei; en (cc) Prestasie-ooreenkoms moet onderteken, of elektronies verwerk word, waar van toepassing, deur die toesighouer en die personeellid of span binne (60) dae ná die begin van die prestasiesiklus.
(b) Monitering, afrigting en terugvoer	Geskied: (i) formeel; en (ii) informeel deur die loop van die jaar.	(aa) Die toesighouer sal indiensmonitering van die prestasie van 'n personeellid of span doen; (bb) Die toesighouer kan formele en informele geleenthede skep om steun in die vorm van terugvoer of afrigting aan 'n personeellid of span te gee, met betrekking tot vordering ten opsigte van ooreengekome prestasiedoelwitte en op gebiede wat implementering nodig het; en (cc) 'n Personeellid of span mag te eniger tyd gedurende die prestasiesiklus terugvoer en steun versoek.
(c) Oorsig en evaluasie	(i) Die midjaaroorsig moet teen die einde van die	(aa) Die toesighouer moet binne een maand ná die einde van kwartaal twee 'n formele

Fase	Tydsraamwerk	Aktiwiteite
	<p>tweede kwartaal plaasvind. Die besonderhede van die interaksie moet skriftelik aangeteken word; en</p> <p>(ii) Die jaarlikse prestasiebeoordeling moet teen die einde van die vierde kwartaal plaasvind (ná die einde van die prestasiesiklus); en</p> <p>(iii) Die jaarlikse prestasiebeoordeling moet binne 60 dae ná die einde van de prestasiesiklus plaasvind. Die besonderhede van die prestasie-evaluering moet skriftelik aangeteken word en die personeellid se loopbaanontwikkelings-behoefte uiteensit.</p>	<p>midjaar-evaluasie met 'n personeellid of span reël, wat formele dokumentasie insluit om terugvoer aan 'n personeellid of span te gee oor mikpunte wat tot op datum bereik is;</p> <p>(bb) By die midjaaroorsig moet ingrypings en regstellende optrede geïdentifiseer word met betrekking tot die bereiking of niebereiking van prestasie-uitsette of -uitkomstes;</p> <p>(cc) Gedurende die jaarlikse prestasie-evaluasie moet elke personeellid die geleentheid kry om selfgraderings in te vul en stawende bewyse vir die graderings te verskaf;</p> <p>(dd) Die toesighouer moet die formele finale prestasie-evaluasie met 'n personeellid of span reël ná die einde van die vierde kwartaal;</p> <p>(ee) Die finale prestasie-evaluasietellings moet as 'n formele interaksie tussen die personeellid en toesighouer aangeteken word; en</p> <p>(ff) Die toesighouer moet formele verbale en skriftelike prestasieterugvoer aan die personeellid of span verskaf.</p>
(d) Beloning en erkenning	<p>(i) Ná die formele jaarlikse prestasie-evaluasie; en</p> <p>(ii) Ná moderering deur die munisipale modereringskomitee en goedkeuring deur die munisipale bestuurder.</p>	Belonings sal gehanteer word soos in Hoofstuk 4 van die Regulasies gestipuleer.

Beplanning

2. (1) Tydens die beplanningsfase—
- (a) moet die toesighouer en personeellid tesame organisatoriese en departementele prestasieverwagtinge, asook die prestasieverwagtinge van die personeellid of span, identifiseer en die personeellid of span se verbintenis tot die bereiking van die prestasieverwagtinge verkry;
- (b) die toesighouer moet aan die personeellid verduidelik hoe die prestasie-ooreenkoms en die PBOS werk;
- (c) alle personeellede, die bestuur ingesluit, moet toegerus word deur opleiding oor—
- (i) wat die prosesse behels;
 - (ii) waarom die munisipaliteit die PBOS-prosesse gebruik;
 - (iii) hoe die PBOS werk, insluitende die fases, die doel van koppeling aan die bevoegdheidsraamwerk en hoe prestasie van bevoegdheid gemeet word;
 - (iv) wat 'n personeellid in 'n spesifieke rol verwag word; en
 - (v) wanneer prestasie geëvalueer en hersien sal word;

- (d) die munisipaliteit moet toesien dat elke toesighouer opleiding ondergaan het om die betrokke afrigtingsvaardighede te bekom wat nodig is vir die deurlopende implementering van die PBOS;
- (e) die toesighouer en personeellid moet 'n prestasie-ooreenkoms ontwikkel waarin die prestasiestandaarde omskryf sal word ten opsigte van gehalte, hoeveelheid, tyd en proses. Die volgende dokumente kan van hulp wees—
- (i) die personeellid se posbeskrywing;
 - (ii) die GOP en die departementele dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan (DLBIP);
 - (iii) die toesighouer se prestasie-ooreenkoms, waar van toepassing;
 - (iv) die personeellid se prestasie-evaluasie assessering van die vorige jaar, waar van toepassing; en
 - (v) enige ander dokument wat as relevant vir die proses beskou word;
- (f) die beplande SPG's, SPA's en mikpunte soos in die prestasie-ooreenkoms bevat, moet voldoen aan die SMART-maatstawwe, wat in Tabel 17 uiteengesit word.

Tabel 17

S	Spesifiek, duidelik en verstaanbaar
M	Meetbaar ten opsigte van hoeveelheid en, waar moontlik, gehalte, geld en tyd. Dit moet moontlik wees om vas te stel of die aktiwiteit plaasgevind het en om te besluit hoe goed dit gedoen is.
A	Bereikbaar ("attainable") deurdat daar ooreengekom is oor die aktiwiteite wat uitgevoer moet word en deurdat dit binne die vermoëns en onder die beheer van die personeellid val.
R	Relevant deurdat elke taak direk met die funksionele gebiede of spesifieke projekte wat aan die personeellid toegewys is, verband moet hou.
T	Tydgebaseerd deurdat die toesighouer en personeellid vordering sal kan beskou teen gespesifiseerde teikendatums en tydsraamwerke, en assessering kan plaasvind binne die jaarlikse rapporteringsiklus van die prestasie-ooreenkoms.

- (g) Posspesifieke bevoegdhede kan gekies word uit die betrokke beroepstrome soos voorgeskryf in die Plaaslike Regering: Bevoegdheidsraamwerk vir Bedryfsbane, wat as Aanhangsel A by die Regulasies aangeheg is, insluitende enige ander spesifieke funksionele bevoegdheidsvereistes wat geïdentifiseer kan word.
- (2) Die volgende dokumente sal van hulp wees by die prestasiebeplanningsproses:
- (a) Prestasie-ooreenkoms (Aanhangsel A in hierdie riglyne); en
 - (b) monitering, afrigting, terugvoer en oorsig (Aanhangsel B in hierdie riglyne).

Monitering, afrigting en terugvoer

3. (1) Doeltreffende prestasiemonitering, afrigting en terugvoer moet deurlopend deur die loop van die prestasiesiklus gemonitor word.
- (2) Prestasiemonitering, afrigting en terugvoer behels voortdurende samewerkende interaksie tussen die toesighouer en personeellid of span wat daarop gemik is om die personeellid se vaardighede en bevoegdhede te verbeter om aan die vasgestelde standaarde van prestasie te voldoen of dit te oortref, deur—
- (a) die personeellid waar te neem, te motiveer en aan te moedig;

- (b) gereelde en ongereelde uitruil van terugvoer oor die personeellid se prestasie;
- (c) gereelde evaluasie om vas te stel of die personeellid presteer volgens die vasgestelde doelwitte soos uiteengesit in die prestasie-ooreenkoms;
- (d) formele afrigting en informele prestasie-evaluasiesessies;
- (e) versterking van die besprekings wat gedurende die beplanningsfase plaasgevind het en tot die prestasie-ooreenkoms gelei het;
- (f) aan die toesighouer die geleentheid te bied om die ontwikkeling van die personeellid of span aan te moedig;
- (g) proaktiewe identifikasie van uitdagings en oplossings om prestasie moontlik te maak;
- (h) identifikasie deur die personeellid of span van prestasie of uitdagings wat opgelos is wat andersins nie onder die toesighouer se aandag sou kom nie;
- (i) afrigting wat doeltreffende prestasie versterk of die prestasie van die personeellid nader aan die verwagte standaard bring; en
- (j) 'n personeellid of span wat aan verskeie afrigtingsessies deelgeneem het, wat bewus is van wat van hom of haar verwag word om aan prestasie-uitkomstes te voldoen.

(3) 'n Munisipaliteit moet seker maak dat elke toesighouer voldoende opleiding in prestasie-afrigtingsprosesse ontvang en in staat is om vordering doeltreffend te assessee en die prestasie van personeel of span te evalueer.

(4) Die ontwikkelingsbehoefte van personeel wat tydens prestasiemonitering en afrigtingsprosesse geïdentifiseer is, moet geëvalueer en aandag gegee word om goeie prestasie aan te moedig en werksverwante vaardighede en bevoegdhede te verbeter wat personeel ondersteun om met veranderinge in die werksplek tred te hou.

Midjaarprestasie-oorsig

4. (1) Die midjaarprestasie-oorsig—

- (a) is 'n formele halfjaarlikse prestasiegradering waar 'n personeellid of 'n span terugvoer oor sy of haar prestasie ontvang;
- (b) moet aangeteken word;
- (c) bied 'n geleentheid—
 - (i) vir die toesighouer en personeellid om die personeellid of span se prestasie teen vasgestelde prestasiedoelwitte te evalueer;
 - (ii) vir die toesighouer om te monitor, af te rig en terugvoer te gee om doeltreffende prestasie te verseker;
 - (iii) aan die toesighouer en personeellid om—
 - (aa) gesamentlik prestasie-uitdagings te identifiseer en ooreen te kom oor oplossings om die geïdentifiseerde uitdagings te bowe te kom;
 - (bb) oor die ontwikkelingsbehoefte van die personeellid ooreen te kom en aan sodanige behoeftes aandag te gee;
 - (cc) die prestasiemikpunte wat spruit uit veranderinge in die werkplek wat buite die beheer van die personeellid of span is, te hersien; en
 - (iv) om goeie prestasie te versterk.

(2) Indien 'n hersiening van die prestasie-ooreenkoms geregverdig is—

- (a) geld die Regulasies en item 2 van hierdie Riglyn;
- (b) sal die midjaarprestasie-oorsig op die bestaande prestasie-ooreenkoms gebaseer wees;

- (c) moet die gewysigde prestasie-ooreenkoms of addendum deur die toesighouer en personeellid mede-onderteken word; en
- (d) moet 'n rekord van die wysigings vir die doeleindes van die jaarlikse prestasie-evaluering gehou word.

Jaarlikse prestasie-evaluasie

5. (1) Die oogmerke van die prestasie-evaluasie is om—
- (a) die prestasie-uitkoms wat die personeellid bereik het, teen die ooreengekome prestasie-aanwysers en -mikpunte formeel te bespreek, gebaseer op die werk wat gedurende die prestasiesiklus van 12 maande verrig is;
 - (b) die prestasie van die personeellid of span teen elke meetbare SPA te gradeer, deur die vyfpuntgraderingskaal te gebruik;
 - (c) positiewe prestasies te erken en terugvoer oor onbevredigende prestasie te verskaf; en
 - (d) gebied wat moet verbeter, te identifiseer en aksieplanne te ontwikkel wat by die persoonlike ontwikkelingsplanne ingesluit kan word om aandag te gee aan die gebied wat moet verbeter.
- (2) Elke personeellid of span moet, aan die einde van die prestasiesiklus van 'n munisipaliteit, 'n jaarlikse prestasie-evaluering ondergaan.
- (3) Die jaarlikse prestasie-evaluasie moet voorafgegaan word deur die personeellid se selfgradering teen voorafbepaalde doelwitte en, waar nodig, deur 'n portefeulje van bewys gestaaf word.
- (4) Gradering behels die evaluasie van die personeellid of span se prestasie teen prestasiestandaarde in die personeellid se prestasieplan en die toeken van 'n numeriese gradering vir elke SPA.
- (5) Die toesighouer en personeellid moet—
- (a) formeel en objektief die personeellid se prestasie-uitkomstes teen die ooreengekome SPG's, SPA's en spesifieke bevoegdhede bevestig;
 - (b) die prestasie van elke personeellid of span teen elke meetbare SPA en spesifieke bevoegdhede takseer deur die vyfpuntgraderingskaal te gebruik;
 - (c) positiewe prestasies erken;
 - (d) gebrekkige prestasie identifiseer;
 - (e) die personeellid se ontwikkelingsbehoefte identifiseer, wat in die persoonlike ontwikkelingsplan van die werknemer gebruik sal word; en
 - (f) die finale jaarlikse prestasie-assessering onderteken.
- (6) Aan die einde van die prestasiesiklus word 'n graderingskaal gebruik wat verband hou met die erkenning en beloning van prestasie wat ten volle doeltreffendheid oortref.
- (7) Die toesighouer moet die finale jaarlikse prestasie-evaluering, prestasietellings en enige verwante stawende bewyse van die prestasie aan Mensehulpbronne voorlê.
- (8) Prestasiegraderings vir SPG's en bevoegdhede word met gebruik van die vyfpuntgraderingskaal bereken—
- (a) SPG-graderings word bereken waar individuele graderings aan elke SPA toegeken is met gebruik van die vyfpuntgraderingskaal.
 - (b) Geen afronding van berekenings word toegelaat nie en twee desimale punte moet gebruik word.

- (c) Tabel 18 sit die vyfpuntgraderingskaal wat toegepas word om 'n telling aan algehele prestasie toe te ken, uiteen—

Tabel 18

Vlak	Terminologie	Beskrywing
5	Uitsonderlike prestasie	Prestasie oortref aansienlik die standaard wat van 'n personeellid op hierdie posvlak verwag word. Die beoordeling dui aan dat die personeellid meer as ten volle doeltreffende resultate behaal het vir alle prestasiemaatstawwe en -aanwysers vermeld in die Prestasie-ooreenkoms en Prestasieplan, en regdeur die jaar in alle gebiede van verantwoordelikheid daarmee volgehou het.
4	Prestasie beduidend bo verwagting	Prestasie is aansienlik hoër as die verwagte standaard vir daardie werk. Die beoordeling dui aan dat die personeellid meer as ten volle doeltreffende resultate behaal het vir meer as die helfte van die prestasiemaatstawwe en -aanwysers vermeld in die Prestasie-ooreenkoms en Prestasieplan, en regdeur die jaar alle ander prestasiemaatstawwe en -aanwysers ten volle behaal het.
3	Ten volle doeltreffende prestasie	Prestasie voldoen ten volle aan die standarde wat op alle gebiede van die werk verwag word. Die beoordeling dui aan dat die personeellid ten volle doeltreffende resultate behaal het vir alle belangrike prestasiemaatstawwe en -aanwysers vermeld in die Prestasie-ooreenkoms en Prestasieplan.
2	Prestasie nie ten volle doeltreffend nie	Prestasie is in kerngebiede onder die standaard wat vir die werk verwag word. Prestasie voldoen aan sommige van die standarde wat vir die werk verwag word. Die oorsig/evaluering dui aan dat die personeellid benede ten volle doeltreffende resultate bereik het vir meer as die helfte van die kern-prestasiemaatstawwe en -aanwysers vermeld in die Prestasie-ooreenkoms en Prestasieplan.
1	Onaanvaarbare prestasie	Prestasie voldoen nie aan die standaard wat vir die werk verwag word nie. Die oorsig/evaluering dui aan dat die personeellid benede ten volle doeltreffende resultate behaal het vir byna al die prestasiemaatstawwe en -aanwysers vermeld in die Prestasie-ooreenkoms en Prestasieplan. Die personeellid het nie die toewyding of vermoë gedemonstreer om prestasie te verhoog na die vlak wat vir die werk verwag word nie, ten spyte van pogings deur die bestuur om verbetering aan te moedig.

RIGLYN 3B**SPANGEBASEERDE PRESTASIE**

1. (1) 'n Toesighouer moet, in samewerking met individuele spanlede—
 - (a) die prestasie van 'n personeellid wat in 'n spangebbaseerde prestasiereëling werk, gradeer; en
 - (b) uitdagings identifiseer ten opsigte van individuele personeellede wat in 'n span werk en gepaste ingrypings identifiseer wat daarop gemik is om die personeellid se prestasie te verbeter.
- (2) Die volgende template sal met die PBOS-proses help:
 - (a) Spanregistrasie, Aanhangsel C; en
 - (b) Spanprestasie-ooreenkoms, Aanhangsel D.

RIGLYN 3C**BEWYS VAN PRESTASIE**

1. (1) Die voorlegging van bewys is aan die volgende onderhewig:
 - (a) gedurende die beplanningsfase moet ooreengekom word oor watter bewyse gebruik sal word, met die doel om tyd en moeite te beperk; en
 - (b) bewyse moet deur die loop van die prestasiesiklus ingesamel word, aangesien dit die tellings wat volgens die graderingskaal toegeken word, ten grondslag sal lê en sal staaf.
- (2) Die personeellid of span moet bewys insamel, saamstel en voorlê teen die meetbare SPA's en, waar van toepassing, posspesifieke bevoegdhede soos bevat in die prestasie-ooreenkoms—
 - (a) dit is veral belangrik om seker te maak dat bewyse deur die loop van die prestasiesiklus ingesamel word ter voorbereiding vir die midjaarprestasie-oorsig en jaarlikse prestasie-evaluasie, aangesien dit gebruik sal word om tellings met betrekking tot die bereiking van SPA's en posspesifieke bevoegdhede te staaf; en
 - (b) die verantwoordelikheid vir die voorlegging van die portefeulje van bewyse berus uiteindelik by die personeellid of span wat geëvalueer word.
- (3) Die aard van die werk moet die soort bewyse wat gelewer moet word, bepaal. Dit kan, onder meer, die volgende insluit—
 - (a) amptelike rekords;
 - (b) bevestiging deur 'n toesighouer;
 - (c) bevestiging deur ander belanghebbendes, soos 'n brief deur 'n regeringsdepartement; en
 - (d) inspeksie of waarneming deur 'n toesighouer van bewyse, soos 'n liasseerstelsel, memorandum, verslae, ens.
- (4) 'n Toesighouer kan, op die laatste teen die midjaaroorsig—
 - (a) ander bewyse aanvaar wat die bereiking van SPA's of bevoegdhede staaf; en
 - (b) die personeellid of span help om sodanige bewys te bekom.

RIGLYN 3D**PRESTASIEMODERERINGSKOMITEE**

1. (1) Die munisipale prestasiemodereringskomitee—
 - (a) moet behoorlik deur die munisipale raad saamgestel word;
 - (b) kan, tot die mate waartoe dit moontlik is, soos volg saamgestel wees—
 - (i) munisipale bestuurder of sy of haar afgevaardigde, wat as die voorsitter sal dien;
 - (ii) alle departementshoofde van 'n munisipaliteit;
 - (iii) bestuurder verantwoordelik vir PBOS;
 - (iv) bestuurder verantwoordelik vir organisatoriese ontwikkeling;
 - (v) bestuurder verantwoordelik vir organisatoriese prestasie;
 - (vi) 'n verteenwoordiger uit finansies, waar van toepassing;
 - (vii) 'n verteenwoordiger uit bestuurstoetsing, waar van toepassing; en
 - (viii) 'n verteenwoordiger uit die oudit-afdeling, waar van toepassing.
 - (2) Departementele verteenwoordigers—
 - (a) sal uitgenooi word om die vergaderings van die prestasiemodereringskomitee by te woon om voorleggings te doen oor die resultate van hul onderskeie departemente;
 - (b) moet op senior bestuursvlak wees; en
 - (c) kan 'n spesialis in departementele prestasiebestuur vra om tegniese raad te gee, waar nodig.
 - (3) Lede moet kollektief oor die nodige kundigheid beskik en moet bewys lewer van kennis en bevoegdheede oor—
 - (a) plaaslike regering;
 - (b) die munisipale mensehulpbronomgewing;
 - (c) korporatiewe bestuurspraktyke;
 - (d) korporatiewe strategie;
 - (e) die prestasiebestuur- en ontwikkelingstelsel;
 - (f) die bestuur van mensekapitaal;
 - (g) organisatoriese ontwikkeling;
 - (h) finansiële bestuur;
 - (i) sakebestuur;
 - (j) bedryfsbestuur; en
 - (k) leierskap.
 - (4) Die hoofdoelwitte van die komitee is om—
 - (a) die billike en konsekwente toepassing van die PBOS te verseker;
 - (b) te verseker dat die integriteit van die PBOS beskerm word;
 - (c) te verseker dat prestasie konsekwent geëvalueer word;
 - (d) te verseker dat individuele graderings die algehele prestasie van die departement weerspieël;
 - (e) raad te gee oor finansiële bekostigbaarheid vir die munisipaliteit; en
 - (f) prestasietoekennings vir goedkeuring deur die munisipale bestuurder aan te beveel.
 - (5) Die komitee kan—
 - (a) opdragte ontwikkel en goedkeur;

- (b) die prestasiebestuur- en ontwikkelingstelsel regoor die munisipaliteit hersien en aanbevelings ten opsigte van implementering maak;
- (c) die prestasie-evaluasieproses monitor deur 'n algehele indruk te kry van of norme en standaarde realisties en konsekwent, beide horisontaal en vertikaal, deur die munisipaliteit toegepas word;
- (d) die algehele prestasie van departemente bepaal en dit in ooreenstemming bring met saamgevatte resultate, gegrond op individuele prestasie;
- (e) die tellings van 'n departement of 'n eenheid modereer;
- (f) beloningsvlakke vir prestasie aanbeveel;
- (g) aanbevelings maak rakende optrede wat oorweeg moet word waar toesighouers nie die stelsel behoorlik implementeer nie;
- (h) 'n oorsigrol vervul ten opsigte van die toepassing van die PBOS;
- (i) 'n omvattende verslag saamstel, op grond van sy waarnemings, wat die prestasie van personeellede of spanne en die toepaslike beloningsvlakke weergee; en
- (j) toesien dat die notule en stawende inligting oor sake wat deur die paneel gehanteer is, beskikbaar sal wees vir ondersoek indien só deur die munisipale bestuurder gemagtig word.

RIGLYN 3E

HANTERING VAN SUBSTANDAARDPRESTASIE

Doel

1. (1) Hierdie prosedures het ten doel om—
 - (a) 'n bemagtigende omgewing te skep om doeltreffende prestasie deur die personeellede te vergemaklik;
 - (b) die personeellede te voorsien van toegang tot vaardigheidsontwikkelings- en kapasiteitsbougeleenthede om doeltreffende en effektiewe prestasie te bevorder;
 - (c) remediërende en ontwikkelingsteun te voorsien om die personeellede te help om substandaardprestasie te hanteer; en
 - (d) te verseker dat die munisipale raad en personeellede saamwerk om oplossings vir probleme te vind en die prestasie van personeellede te verbeter.

Beleid en beginsels

2. (1) Hierdie prosedures moet saam met die Regulasies gelees word.
 - (2) Die Kode van Goeie Praktyk, waarvoor in Bylae 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), voorsiening gemaak word, vorm deel van hierdie prosedures ten opsigte van swak werksprestasie.
 - (3) Die munisipaliteit moet die personeellid se prestasie evalueer deur die volgende te oorweeg:
 - (a) die mate waarin die substandaardprestasie die werk van die munisipaliteit en die bereiking van munisipale doelwitte beïnvloed;
 - (b) die mate waartoe die personeellid nie aan die vereiste prestasiestandaarde wat deur die munisipaliteit gestel word, voldoen nie;

- (c) die mate waarin die personeellid 'n gebrek het aan die nodige vaardighede, bevoegdheids en kundigheid om die prestasiedoelwitte en -mikpunte te bereik vir sy of haar pos, soos in die prestasie-ooreenkoms bevat; en
- (d) die aard van die personeellid se werk en verantwoordelikhede.

Prosedures vir die hantering van substandaardprestasie

3. (1) Indien die munisipaliteit rede het om te glo dat 'n personeellid nie volgens die minimum prestasiestandaarde vir sy of haar pos presteer nie, moet die toesighouer—

(a) 'n vergadering belê om terugvoer aan die personeellid te gee oor sy of haar prestasie;

(b) redes aan die personeellid gee waarom dit nodig is om hierdie prosedure te begin.

(2) Tydens die vergadering beoog in paragraaf (a), moet die toesighouer—

(a) die vereistes, vlak, vaardighede en aard van die pos verduidelik;

(b) die personeellid se prestasie in verhouding tot die prestasie-ooreenkoms evalueer;

(c) die redes verduidelik waarom die prestasie as substandaard beskou word; en

(d) die personeellid of sy of haar verteenwoordiger die geleentheid gee om te reageer op die prestasie-uitkomstes waarna in paragraaf (c) verwys word.

(3) Ná oorweging van die personeellid se redes kan die toesighouer, indien nodig—

(a) 'n formele voorligtings- en opleidingsprogram inisieer om die personeellid in staat te stel om aan die vereiste standaard van prestasie te voldoen, wat die volgende moet insluit—

(i) assessering van die tyd wat dit sal neem vir die personeellid om die substandaardprestasie die hoof te bied;

(ii) die vasstel van realistiese tydsraamwerke waarin daar van die personeellid verwag word om aan die vereiste prestasiestandaarde te voldoen; en

(iii) die identifisering en voorsiening van toepaslike opleiding vir die personeellid om die vereiste standaard van prestasie te bereik;

(b) maniere vasstel om aandag te gee aan enige faktore wat die personeellid se prestasie beïnvloed en wat nie onder die personeellid se beheer is nie.

(4) Indien die personeellid steeds nie aan die vereiste prestasiestandaard vir die pos voldoen nadat hy of sy 'n formele program van voorligting en opleiding beoog in paragraaf (3) ondergaan het nie, kan die toesighouer—

(a) die personeellid se prestasie gereeld evalueer; of

(b) verdere remediërende of ontwikkelingsteun verskaf om die personeellid te help om die substandaardprestasie uit te skakel.

(5) Indien die personeellid se prestasie nie verbeter ná ontvangs van gepaste prestasievoorigting, die nodige steun en 'n redelike tyd om sy of haar prestasie soos beoog in paragraaf (4) te verbeter nie, of indien hy of sy weier om 'n formele program van voorligting en opleiding soos beoog in paragraaf (3) te volg—

(a) moet die toesighouer die bewerings van substandaardprestasie teen die personeellid in die vorm van 'n verslag onder die aandag van die munisipale bestuurder bring;

(b) moet die toesighouer die verslag beoog in subparagraaf (a) voor die munisipale bestuurder ter tafel lê.

(6) Indien die munisipale bestuurder tevrede is dat voldoende bewyse bestaan om tugstappe teen die personeellid te begin op grond van die beweerde

substandaardprestasie, moet die munisipale bestuurder die personeelid voorsien van skriftelike redes waarom dit nodig is om hierdie prosedure, in ooreenstemming met toepaslike prosedures, te begin.

AANHANGSEL A

Prestasie-ooreenkoms			
Prestasiesiklus:		[Byvoorbeeld: 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018]	
Departement:		[Voeg naam van departement in]:	
Afdeling/eenheid:		[Voeg naam van afdeling/eenheid in]:	
Personeelid naam en van:		[Voeg personeelid se voorname en van in]	
Personeelid se ampstittel, betaallysnummer en vlak:	Ampstittel: [Byvoorbeeld: Assistentdirekteur]	Betaallysnummer: 000000000000	Vlak: 5
Funksies:	Kort beskrywing van die personeelid se funksie:		
Personeelid se handtekening:		Datum:	
Toesighouer se naam en van:	[Voeg toesighouer se voorname en van in]		
Toesighouer se handtekening:		Datum:	

Sleutelprestasiegebiede (SPG's) en sleutelprestasie-aanwysers (SPA's)				
SPG-gewig:	SPA's:	Basislyn (waar van toepassing):	Mikpunte: ¹	Bewyse:
1. [Voeg SPG hier in]				
30%	1.1 [Voeg SPA hier in]	[Bestaande of nuwe, waar van toepassing]	[Ken 'n punt toe volgens die vyfpunt-graderingskaal] 1 ² ;	

¹ Die mikpunte van elke SPA moet as een tot vyf uitgedruk word.

²n Telling van 1 dui **onaanvaarbare prestasie** aan.

			2 ³ , 3 ⁴ , 4 ⁵ , of 5 ⁶ .	
	1.2 [Voeg SPA hier in]			
	1.3 [Voeg SPA hier in]			
2. [Voeg SPG hier in]				
30%	2.1 [Voeg SPA hier in]			
	2.2 [Voeg SPA hier in]			
	2.3 [Voeg SPA hier in]			
	2.4 [Voeg SPA hier in]			
3. [Voeg SPG hier in]				
20%	3.1 [Voeg SPA hier in]			
	3.2 [Voeg SPA hier in]			
80%	Totaal			
Pospesifieke bevoegdheids (PSB's) Pospesifieke bevoegdheids (PSB's)				
Gewig:	PSB's	Basislyn: (Waar van toepassing)	Mikpunte: [Ken 'n punt toe volgens die vyfpunt-graderingskaal]	Bewyse: Voeg by waar van toepassing vir bevoegdheids
10%	1. [Voeg PSB hier in]		1 2 3 4 5	
5%	2. [Voeg PSB hier in]			
5%	3. [Voeg PSB hier in]			
20%	Totaal			
Toesighouer se handtekening:			Personeelid se handtekening:	
Datum:			Datum:	

³n Telling van 2 dui **prestasi nie ten volle doeltreffend nie** aan.

⁴n Telling van 3 dui **ten volle doeltreffende prestasi** aan, d.w.s. die prestasi voldoen aan die verwagte standaard op alle gebiede van die werk en dat die SPA's dus bereik is.

⁵n Telling van 4 dui **prestasi beduidend bo verwagtinge** aan.

⁶n Telling van 5 dui **uitsonderlike prestasi** aan.

AANHANGSEL B

Sleutel- prestasie- gebiede (SPG's) en pos- spesifieke bevoegd- hede (PSB's)	Afrigting en Oorsig							Handtekeninge	
	SPA	Personeelid / Span se insette oor vordering ⁷		Toesighouer se insette oor vordering		Kommentaar:	Oorsigtellings vir jaareinde: [Ken 'n punt toe volgens die vyfpunt- graderingskaal]	Werknemer se handtekening:	Bestuurder se handtekening:
		Midjaar- oorsig:	Finale oorsig:	Ingrypings:	Personeelid /Span se gradering:				
SPG 1									
	1.1								
	1.2								
	1.3								
SPG 2	2.1								
	2.2								
	2.3								
	2.4								
SPG 3	3.1								
	3.2								
PSB 1	1								
PSB 2	2								
PSB 3	3								

⁷ Formele oorsig moet midjaar en aan die einde van die jaar plaasvind.

Personeelid/Spantoesighouer se handtekening:	Datum:
Toesighouer se handtekening:	Datum:

AANHANGSEL C

Spanregistrasie			
Prestasiesiklus:		Byvoorbeeld: 2017/18	
Departement:		[Voeg naam van departement in]	
Afdeling/eenheid:		[Voeg naam van afdeling/eenheid in]	
Toesighouer naam en van:		[Voeg voorname en van toesighouer in]	
Funksie:		[Voeg kort beskrywing van spanfunksie in]	
Spanlede ⁸			
Naam:	Betaalysnommer:	Ampstitel:	Datum:
Byvoorbeeld: J Smith	000000	Vragmotorbestuurder	30/07/2017

⁸Spanlede kan 'n spantoesighouer insluit.

⁹Alle spanlede sal die spantellingkaart onderteken en die toesighouer sal hierdie vorm namens die werkgewer onderteken.

Toesighouer se handtekening: ¹⁰	Datum:				

¹⁰ As die span 'n spantoesighouer insluit, sal die toesighouer bo die spantoesighouer namens die werkgever onderteken.

AANHANGSEL D

Prestasie-ooreenkoms				
SPG ¹¹ /PSB ¹² - gewig	SPA's/PSB's	Basislyn	Mikpunte ¹³ [Ken 'n punt toe volgens die vyfpunt-graderingskaal]	Bewyse
1. [Voeg SPG hier in]				
30%				
	1.1 [Voeg SPA hier in]	[Bestaande of nuwe waar van toepassing]	1 ¹⁴ = 2 ¹⁵ = 3 ¹⁶ = 4 ¹⁷ = 5 ¹⁸ =	
	1.2 [Voeg SPA hier in]			
	1.3 [Voeg SPA hier in]			
2. [Voeg SPG hier in]				
30%				
	2.1 [Voeg SPA hier in]			
	2.2 [Voeg SPA hier in]			
	2.3 [Voeg SPA hier in]			

¹¹ SPG = sleutelprestasiegebied; SPA = sleutelprestasie-aanwyser.

¹² PSB = Possesifieke bevoegdheid.

¹³ Die teikens van elke SPA moet as een tot vyf uitgedruk word.

¹⁴ Teiken 1 dui **onaanvaarbare prestasie** aan.

¹⁵ Teiken 2 dui **prestasie nie ten volle doeltreffend nie** aan.

¹⁶ Teiken 3 dui **ten volle doeltreffende prestasie** aan; d.w.s. die prestasie voldoen aan die verwagte standaard op alle gebiede van die werk en dat die SPA's dus bereik is.

¹⁷ Teiken 4 dui **prestasie beduidend bo verwagtinge** aan.

¹⁸ Teiken 5 dui **uitstaande prestasie** aan.

	2.4			
3. [Voeg SPG hier in]				
20%	3.1 [Voeg SPA hier in]			
	3.2 [Voeg SPA hier in]			
80%	Totaal			
Posspesifieke bevoegdhede (PSB's)				
1	10%	1. [Voeg PSB hier in]		[Voeg by waar van toepassing vir bevoegdhede]
			1	
			2	
			3	
			4	
			5	
2	5%	2. [Voeg PSB hier in]		
3	5%	3. [Voeg PSB hier in]		
	20%	Totaal		
Spanlede se name:		Byvoorbeeld:		Betaalysnommer:
		J Smit		000000
		P Mokola		999999
Toesighouer se handtekening:			Spantoesighouer:	
Datum:			Datum:	

HOOFSTUK 4**VAARDIGHEIDSONTWIKKELING****RIGLYN 4A****ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE VIR VAARDIGHEIDSONTWIKKELING****Rolle en verantwoordelikhede van personeellede**

1. 'n Personeellid moet—
- (a) aktief sy of haar eie ontwikkeling bestuur, hetsy vir sy of haar huidige rol of vir sy of haar toekomstige loopbaangeleenthede, op grond van hulle persoonlike ontwikkelingsplan;
 - (b) aktief aan vaardigheidsoudits deelneem;
 - (c) saam met sy of haar toesighouer sy of haar persoonlike ontwikkelingsplan ontwikkel en daaroor nadink;
 - (d) hom of haar verbind tot ontwikkeling wat met die munisipaliteit se prioriteitsvaardighede ooreenstem;
 - (e) aktief deelneem aan alle vorme van leer, opleiding en ontwikkeling wat die personeellid sal help om ooreengekome behoeftes te vervul;
 - (f) op hoogte bly van nuwe kennis en vaardighede en dit op sy of haar gebied van kundigheid toepas; en
 - (g) terugvoer verskaf oor die uitkomstes, doeltreffendheid en relevansie van opleiding en ontwikkeling wat ontvang is.

Rolle en verantwoordelikhede van toesighouers

2. 'n Toesighouer moet—
- (a) vaardigheidsontwikkeling koppel aan die prioriteite van sy of haar funksie, die GOP en die uitkomstes van die prestasiebestuursproses;
 - (b) vaardigheidsbehoefte en -beperkings monitor wat 'n groot impak op die bereiking van hul doelwitte het, of kan hê, en tydens die institusionele vaardigheidsbehoefte-ontledingsproses daarvoor verslag doen;
 - (c) vordering met die persoonlike ontwikkelingsplanne van die personeellede wat aan die toesighouer of toesighouers rapporteer, ontwikkel, daarvoor verslag doen en vordering daarmee hersien;
 - (d) toesien dat die ontwikkeling wat voorgestel word in die persoonlike ontwikkelingsplanne van die personeellede wat aan die toesighouer rapporteer, relevant is vir die funksies van die munisipaliteit;
 - (e) afrigting en steun verskaf vir die ontwikkeling van sy of haar personeellede;
 - (f) insette lewer in die inhoud van opleidingsprogramme, indien van toepassing;
 - (g) sy of haar ondergeskiktes toelaat om tyd af te neem vir opleiding, soos ooreengekom in opleidingskedges en -planne; en
 - (h) die toepassing in die praktyk van wat geleer is, aktief fasiliteer.

Rolle en verantwoordelikhede van vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder

3. Die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder moet—
- (a) die aanvaarding van die werksplekvaardighedeplan fasiliteer, insluitende skakeling met die geregistreerde vakbonde;
 - (b) die implementering van vaardigheidsontwikkelingsprogramme met toesighouers, personeel en eksterne verskaffers van opleiding fasiliteer; en
 - (c) skakel met die Plaaslike Regering: Sektoropvoedings- en Opleidingsowerheid (LGSETA) en toesien dat die munisipaliteit aan al die vereistes van die LGSETA voldoen.

Rolle en verantwoordelikhede van hoof- finansiële beampte

4. Die hoof- finansiële beampte moet seker maak dat bewys aan die LGSETA gelewer word dat al die fondse wat van die LGSETA ontvang is en die 1% wat vir vaardigheidsontwikkeling begroot is, vir die doeleindes van vaardigheidsontwikkeling gebruik is.

Die rolle en verantwoordelikhede van die opleidingskomitee

5. (1) 'n Senior bestuurder moet as voorsitter van die munisipaliteit se opleidingskomitee dien.
- (2) Die opleidingskomitee moet uit ewe veel bestuurders en personeelverteenvoerders bestaan.
- (3) Die verteenwoordigers van die munisipaliteit moet die GOP-bestuurder, die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder, die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, individuele en institusionele prestasiebestuurders en die hoof-finansiële beampte insluit.
- (4) Die verteenwoordigers van die personeel moet verteenwoordigers van die geregistreerde vakbonde wat deur die munisipaliteit erken word, insluit, of, in hul afwesigheid, personele wat verteenwoordigend is van die munisipaliteit se personeel as geheel.
- (5) Die opleidingskomitee moet oorleg pleeg met, en aanbevelings doen aan die munisipale raad oor—
- (a) voorgestelde verbetering aan die vaardigheidsouditprosesse;
 - (b) die bevindings en prioriteite wat uit die vaardigheidsoudit spruit soos voorgelê deur die bestuur;
 - (c) die konsepplan vir werksplekvaardighede;
 - (d) die bestuur se gereelde vaardigheidsontwikkelingsverslag; en
 - (e) die vaardigheidsontwikkelingsbeleid van die munisipaliteit.

RIGLYN 4B**VAARDIGHEIDSBEOEFTEONTLEDING****Inleiding**

1. (1) 'n Vaardigheidsbehoeftebepaling bestaan uit—
 - (a) 'n vaardigheidsbehoefteontleding; en
 - (b) 'n personeelvaardigheidsoudit.
- (2) Hierdie riglyn gee die besonderhede van die aktiwiteite wat nodig is om 'n vaardigheidsbehoefteontleding by 'n munisipaliteit te doen.
- (3) Die vaardigheidsbehoefteontleding moet in 'n vyfjaarsiklus gedoen word as deel van die GOP-proses en moet jaarliks hersien word.

Doel

2. (1) Strategiese ontleding en beplanning rondom vaardigheidsbehoefte moet seker maak dat personeellede oor die gepaste vaardighede beskik om hulle funksies te verrig.
- (2) Dit is veral van belang in prioriteitsrolle en kritieke en skaars vaardighede, wat 'n disproporsionele impak op die doeltreffendheid en effektiwiteit van plaaslike regerings se dienslewering het.
- (3) Hierdie prioriteitsvaardigheidsbehoefte kan regoor die munisipaliteit wees, of in 'n spesifieke departement of funksie.

Kritieke rolle en werkskategorieë

3. (1) Kritieke rolle en werkskategorieë sluit gewoonlik die volgende in—
 - (a) bestuurs-, professionele en tegniese rolle; en
 - (b) rolle wat—
 - (i) strategiese en analitiese funksies vereis;
 - (ii) 'n relatief hoë mate van diskresionêre besluitneming behels;
 - (iii) 'n relatief hoë vlak van risiko het wat verband hou met besluite wat geneem word; of
 - (iv) lank neem (2+ jaar) om die kwalifikasies te bekom en verder tyd neem (3+ jaar) om die ondervinding op te doen wat nodig is om bekwaam te presteer.

Bepaal strategiese vaardigheidsbehoefte

4. (1) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder en die senior bestuur van die munisipaliteit moet die vaardigheidsbehoefte van die munisipaliteit bepaal deur 'n jaarlikse assessering te fasiliteer wat—
 - (a) die munisipaliteit se prestasie teen sy GOP meet;
 - (b) die rolle identifiseer wat dienslewering strem, die gemeenskap se tevredenheid beïnvloed, of die doeltreffende en effektiewe interne bedrywighede van die munisipaliteit raak; en
 - (c) die prestasie-oorsigte en persoonlike ontwikkelingsplanne van personeellede in kritieke rolle en werkskategorieë, ontleed.
- (2) Die jaarlikse assessering behoort die volgende te behels:
 - (a) vergaderings met elke munisipale departement om—

- (i) die redes vir swak dienslewering en prestasie deur die departement, indien enige, te evalueer;
 - (ii) vas te stel of 'n gebrek aan vaardighede tot die swak prestasie bygedra het;
 - (iii) klagtes van belanghebbendes te evalueer om vas te stel of swak diens die gevolg is van 'n gebrek aan vaardighede in sekere kernrolle;
 - (iv) vas te stel of hierdie probleme in kritieke rolle en werkskategorieë voorkom waarvan moontlik beter tred gehou moet word; en
 - (v) die vaardigheidsprobleme en -behoefes wat met hierdie rolle verband hou, te identifiseer; en
- (b) vergaderings met die senior bestuurspan van die munisipaliteit om—
- (i) 'n gesamentlike evaluering van die vaardigheidsbehoefes uit die departementele ontleding voor te lê; en
 - (ii) die vaardigheidsbehoefes wat prioriteit geniet en in die daaropvolgende jaar deur die munisipaliteit aangespreek moet word, te bevestig.

Die beplanning van vaardigheidsontwikkelingsprogramme in kritieke rolle en werkskategorieë

5. (1) Die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, behoort—
- (a) die werwing van die toepaslike persone en vaardighede vir hierdie rolle te prioritiseer om toe te sien dat nie een van hierdie poste vakant is nie;
 - (b) die ontwikkeling van die huidige houers van hierdie rolle te prioritiseer om toe te sien dat hulle ten volle bevoeg is om hul werk te verrig;
 - (c) die ontwikkeling van opvolgplanne en kontinuïteit van vaardighede te prioritiseer om die huidige houers van posisies wat diens verlaat, te vervang; en
 - (d) die behoud van talentvolle individue in daardie geïdentifiseerde rolle te prioritiseer.
- (2) Die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder moet leerprogramme van hoë gehalte identifiseer vir werknemers in kritieke rolle en werkskategorieë, asook vir persone wat moontlik in poste in kritieke rolle en werkskategorieë in diens geneem kan word of waarskynlik sal word.
- (3) Hierdie programme kan leierskapsontwikkelingsprogramme, leerderskappe, vakleerlingskappe of versigtig geteikende kort ontwikkelingskursusse insluit.
- (4) Die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder moet maandeliks aan die senior bestuurspan verslag doen oor vordering met betrekking tot die implementering van hierdie programme.
- (5) Die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder en die bestuurder wat vir mensehulpbronne verantwoordelik is, behoort verslag te doen oor hoe daar tred gehou word met vakatures, werwing, behoud en opvolgplanne vir die geïdentifiseerde kritieke rolle en werkskategorieë.

RIGLYN 4C

PERSONEELVAARDIGHEIDSODIT

Inleiding

1. (1) 'n Vaardigheidsbehoeftebepaling behels—
 - (a) 'n vaardigheidsbehoefteontleding; en
 - (b) 'n personeelvaardigheidsoudit.
- (2) Hierdie riglyn gee besonderhede van die aktiwiteite wat nodig is om die personeelvaardigheidsoudit te doen.
- (3) Die doel van 'n personeelvaardigheidsoudit in 'n munisipaliteit is om die gapings met betrekking tot elke personeel se huidige en toekomstige vaardigheidsbehoefte in die munisipaliteit vas te stel.
- (4) Die personeelvaardigheidsoudit moet in 'n vyfjaarsiklus as deel van die GOP-proses gedoen word en jaarliks hersien word.
- (5) Die volgende stappe moet gedoen word, saam met die Vaardigheidsouditvraelys vir Plaaslike Regering.

Vaardigheidsouditproses

2. (1) Die volgende aktiwiteite moet onderneem word:
 - (a) Identifiseer die rolbevoegdheids- en definisies.
 - (i) Vir middelvlakbestuursrolle en personelede onder middelvlakbestuursrolle, moet die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder toegang tot die bevoegdheidsraamwerk in Aanhangsel A by die Regulasies vir die toesighouer van die huidige houer van die posisie wat geoudit word, moontlik maak of dit tot sy of haar beskikking stel.
 - (ii) Vir tegniese, administratiewe of funksionele rolle wat geoudit word, moet die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder toegang tot die bevoegdheidsraamwerk in Aanhangsel A by die Regulasies vir die toesighouer van die huidige houer van die posisie wat geoudit word, moontlik maak of dit tot sy of haar beskikking stel.
 - (b) Evalueer die rolbevoegdheids- en definisies. Die bestuurder van die huidige houer van die posisie moet die Vaardigheidsouditvraelys vir Plaaslike Regering, saam met die toepaslike rolbevoegdheids- en definisies wat uit die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder verkry is, gebruik om—
 - (i) die rolbevoegdheids- en definisies te evalueer en te hersien; en
 - (ii) die huidige houer van die posisie teen die bevoegdheids- en definisies te gradeer.
 - (c) Identifiseer die bevoegdheidsgapings uit die vaardigheidsoudit en spreek dit in die persoonlike ontwikkelingsplan aan.

RIGLYN 4D**PERSOONLIKE ONTWIKKELINGSPLAN**

Deur 'n persoonlike ontwikkelingsplan (POP) in te vul, neem 'n personeellid beheer oor sy of haar eie leer. 'n Persoonlike ontwikkelingsplan (POP) stel leerders in staat om kerngebiede van leer en ontwikkeling te identifiseer wat hulle in staat sal stel om nuwe vaardighede en gedragskenmerke aan te leer of bestaande vaardighede en gedragskenmerke te ontwikkel.

BIOGRAFIESE INLIGTING

Hierdie is die persoonlike ontwikkelingsplan van:

Van:	
Naam:	
Pos:	
Afdeling:	

Persoonlike besonderhede:

Identiteitsnommer:	
Ouderdom:	
Geslag:	
Ras:	
Gestremdheid:	
Huistaal:	

Kwalifikasies:

Spesifiseer asseblief alle formele kwalifikasies behaal, asook die vlak van elke kwalifikasie op die nasionale kwalifikasieraamwerk (NQF). Waar die studie afgehandel is, dui die studietydperk aan. Waar studie nog aangaan, dui die begindatum van die studie aan, asook die moontlike einddatum.

Kwalifikasie:	
NQF-vlak:	
Instelling:	

Studietydperk:	
Graad/grade of diploma(s) behaal:	

Kwalifikasie:	
NQF-vlak:	
Instelling:	
Studietydperk:	
Graad/grade of diploma(s) behaal:	

Ondervinding:

Dui asseblief alle relevante werksondervinding binne en buite jou huidige organisasie aan. Spesifiseer asseblief vorige werkgewers, ampte gevul en tydperk van diens.

Werkgewer:	Datums: (van – tot)	Amp gevul:

Opleiding en ontwikkeling:

Noem asseblief ander betekenisvolle opleidings- en ontwikkelingskursusse of -programme wat jy bygewoon het. Noem ook enige sertifikate wat toegeken is, indien van toepassing.

Opleidings- en ontwikkelingskursusse:	Datums van opleiding:	Sertifikaat (indien van toepassing):

POSVEREISTES**1. Intreevlakvereistes**

Die tabel wat volg bevat die intreevlakvereistes van die pos.

Kwalifikasies nodig vir die pos		NQF-vlak		Kwalifikasiestatus/jaar behaal	

2. Rolbevoegdhede

Die tabel wat volg, bevat die bevoegdhede waaroor die huidige houër van die pos moet beskik, soos in die betrokke werkprofiel gespesifiseer.

Vaardighede nodig vir die pos	
Kennisvereistes vir die pos	
Generiese vaardighede en gedrag nodig vir die pos	

PERSONEELONTWIKKELINGSBEHOEFTES

In die tabel wat volg, moet die prioriteitsbevoegdheids wat deur die personeel ontwikkel moet word, soos gedurende die vaardigheidsaudit geïdentifiseer, saam met die ingrypings om hierdie bevoegdheids te ontwikkel, vermeld word.

Bevoegdheids wat ontwikkel moet word	Beskrywing van bevoegdheid	Funksioneel/ Bestuurs/ Generies	Leerdoelwitte	Soort ingryping of vorm van leer [bv. formele opleidingsprogram, indiensleer of afrigting]	Verskaffer verantwoordelik [fasiliteerders, opleiers of verskafferinstelling, bv. universiteite (ook van tegnologie), private verskaffer, ekstere afrigter, toesighouer]	Beraamde duur en koste van leeringryping	
						Duur	Koste
bv. Mondelinge kommunikasie	Luister na ander en kommunikeer op doeltreffende wyse wat oop kommunikasie aanmoedig	Generies					

RIGLYN 4E**EVALUASIE VAN GEHALTE EN IMPAK VAN VAARDIGHEIDSONTWIKKELING****Inleiding**

1. (1) Die evaluasie van die gehalte en impak van vaardigheidsontwikkeling lig die belangrikheid van die evaluasie van die doeltreffendheid en impak van leeringrypings uit.

(2) 'n Munisipaliteit behoort 'n jaarlikse evaluasie van leeringrypings te doen, waarvan die resultate gebruik behoort te word om beide individuele en strategiese vaardigheidsontwikkeling, en leer en ontwikkeling, in die munisipaliteit te verbeter.

(3) Die uitkomstes van hierdie vaardigheidsontwikkelingsevaluasies behoort geïntegreer te word met evaluasies van ander omgewings- en institusionele kapasiteitsbou-inisiatiewe om te evalueer hoe die munisipaliteit sy algehele vermoë om sy mandaat uit te voer, kan en behoort te verbeter.


(4) Die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder moet aan die munisipale bestuursplan en aan die LUR en die Minister verslag doen oor vaardigheids- en kapasiteitsbou-inisiatiewe.

Opleidingsevaluasiemodel

2. (1) Kirkpatrick en Phillips se model van opleidingsevaluasie, pasgemaak vir die munisipale sektor, kan gebruik word om vaardigheidsontwikkeling en -opleiding in munisipaliteite te evalueer.

(2) Hierdie evaluasiemodel word in Figuur 3 uiteengesit.

Figuur 3: Kirkpatrick en Phillips se model van opleidingsevaluasie



Proses van opleidingsevaluasie

3. Met tussenposes tydens elke opleidingsingryping behoort die munisipaliteit die stappe wat in Tabel 19 wat volg, beskryf word, doen om die effek van opleidingsingrypings vir elke vlak van evaluasie in die model te evalueer en daarvoor verslag te doen.

Tabel 19

Evaluasievlak	Fase in die leerproses	Kernaktiwiteite	Verantwoordelikheid
Vlak 0: Bywoning	Voor opleiding	Bevestig getal leerders	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder
	Tydens opleiding	Vul bywoningsregister in	Opleiers/fasiliteerders
	Ná opleiding	Doen verslag oor gemiddelde bywoningsvlakke van leerders op kursus	Opleiers/fasiliteerders
Vlak 1: Leerderreaksie/-terugvoer	Voor opleiding	Maak seker verskaffer van opleiding kry leerderterugvoervorm wat aan vereistes voldoen	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder
	Tydens opleiding	Leerders vul terugvoervorm in ná elke kontakssessie	Opleiers/fasiliteerders
	Ná opleiding	Leerders vul program-/kursusterugvoervorm in Voeg saam en doen verslag oor leerders se terugvoer en tevredenheid met kursus/program	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder en opleiers/fasiliteerders
Vlak 2: Leer en bereiking van program-/kursusdoelwitte	Voor opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Stel duidelike leerdoelwitte vir kursus/program/leeringryping • Identifiseer bevoegdhede (met die definisies van bevoegdhede) wat tydens opleiding ontwikkel moet word • Onderneem vooropleiding 180-grade-bevoegdheidsevaluasie (self- en bestuurderevaluasie van leerderbevoegdheid), met gebruik van vyfpuntskaal 	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder, werknemer en bestuurder, en fasiliteerder of opleidingsverskaffer
	Tydens opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Doen tussentydse oorsig om te sien of leerdoelwitte bereik word en pas ingryping dienoreenkomstig aan • Evalueer vordering van leerders in elke module deur middel van skriftelike take deur leerders; en lewer kwalitatiewe verslag oor leerders se toepassing 	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder, fasiliteerders, opleidingsverskaffer

Evaluasievlak	Fase in die leerproses	Kernaktiwiteite	Verantwoordelikheid
		van bevoegdheide tydens oefeninge en aksieleer tydens kontaksessies	
	Ná opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Doen ná-leer-evaluering om te sien of leerdoelwitte bereik is en voer resultate in die toekomstige ontwerp en ontwikkelingsprosesse in • Onderneem ná opleiding 180-grade-bevoegdheidsevaluering (self- en bestuurder-assessering van leerderbevoegdheid), met gebruik van die vyfpuntskaal • Voeg taakuitslae van elke leerder en fasiliteerderverslae oor leerders saam; en lewer kwalitatiewe verslag oor leerders se toepassing van bevoegdheide tydens oefeninge en aksieleer oor die hele kursus/program 	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder, werknemer en bestuurder
Vlak 3: Toepassing	Voor opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Teken die mees onlangse formele prestasietellings van die individu aan, en/of • Identifiseer en teken spesifieke uitsette aan wat die individuele leerder nie doeltreffend lewer nie 	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder en toesighouer
	Tydens opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Monitor verbeterings in die lewering van die spesifieke uitsette deur die leerder 	Toesighouer
	Ná opleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Monitor en doen verslag oor of die leerder die lewering van die spesifieke uitsette verbeter het • Stel vas of die prestasietellings van die leerder verbeter het en doen verslag oor bevindings 	Vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerder en toesighouer

Evaluasie van impak van leer

4. (1) Die doel is om die impak wat leer en ontwikkeling op die personeellid se werk en prestasie gehad het, te evalueer.
- (2) Die evaluasie moet ongeveer drie maande ná afhandeling van die leer gedoen word, hoewel die uitwerking van die leer deurlopend deur die personeellid se toesighouer gemonitor moet word.
- (3) Beide die personeellid en sy of haar toesighouer moet die evaluering voltooi.